



**Jaargang 16 no 6**

Junie 2007

**Tema:  
Lewe in God se  
skepping**

- **Die Christen se persoonlike finansies** ..... 2
- **Rentmeesterskap oor ons besittings** ..... 4
- **Klimaatverandering** .... 6
- **Sabbat- en Jubeljaar** ..... 8
- **Herwinning – 'n verantwoordelikheid teenoor ons "toekomstige" naaste?** ..10
- **"Bid, sodat julle gesond word"** ..... 13
- **Gereformeerde of Evangelies/Charismaties (1)** ... 16
- **Die groenes in die wêreld-politiek** ..... 18
- **Die gawes van die Heilige Gees (2)** ..... 20
- **Volhoubare transaksies met China?** ..... 22

## **DIE EKONOMIE IN ONSGEWING**

Gedurende die laaste twee dekades was daar toenemend reaksies teen die idee van bewaringsgebiede wanneer dit geproklameer word ten koste van die inheemse bewoners. Die wese van hierdie kritiek is dat bewaringsdoelwitte nie bereik kan word deur bloot stukke landskap te omskryf as parke, en dan die mense wat 'n bestaan daar moet voer, geregtelik uit te sit of uit te sluit nie. Op 'n planeet waar ses-en-'n-half miljard mense woon, is dit onmenslik en onregverdig. Twee kampe: enersyds bewaarders van ons omgewing, andersyds bewoners wat afhanklik is van die hulpbronne in hul onmiddellike omgewing.

In hierdie uitgawe van *Kompass* gaan dit nie oor die voor- of nadele van bewaringsgebiede nie. Waaroor dit wel gaan, is die rol en verantwoordelikhede wat gelowiges het rondom ekonomie en ekologie. Kortom, hoe kom die rentmeesterskap van gelowiges tot sy reg. Die uitvoering van hierdie rentmeesterskap is gekompliseerd, sondig van natuur en gebrekkig. Veranderende omstandighede en waardes noop besluitnemers soms om dele van die aarde wat vandag as bewaringsgebiede beskerm word, môre te ontwikkel en te ontgin om aan toenemende behoeftes van die mens te voldoen. Die aarde en sy skeppings wat ons daaglik in al sy vorms aanskou, word enersyds stelselmatig deur die mensdom (onverantwoordelik) benut, andersyds (onvolmaak) in bewaring gehou.

Ja, ons word gekonfronteer met komplekse vraagstukke oor die verhouding tussen ekonomie (benutting van so min as moontlik hulpbronne om onbeperkte behoeftes te bevredig) en ekologie (die wetenskap van ons omgewing). Ook in ons alledaagse finansiële beplanning en besteding moet ons keuses maak en besluite neem wat God tot eer strek en uiteindelik ons dankbaarheid sigbaar maak.

Ons erken God se eienaarskap oor alles en almal. Daarom hoef ons nie verknog te wees aan materiële goed om ons onbeperkte *behoefte* so veel as moontlik te bevredig met die hulpmiddele tot ons beskikking nie. Inteendeel, ons het 'n onbeperkte *begeerte* na die genadegawes wat van God kom. Hierdie genadegawes is duidelik sigbaar in die voorsienigheid en alomteenwoordigheid van God, nie net in die hele skepping nie, maar ook in ons eie huishoudings en omgewing.

God gee ruimskoots voldoende, soos ons in die eerste hoofstukke van Genesis lees: 'n lushof, 'n skepping wat baie goed was. Maar die mens het dit met sy sonde bederf en self die dorings en distels van die vloek op hom gehaal, omdat hy nie vergenoeg was met dit wat God hom gegee het nie.

Die mens is steeds rentmeester soos voor die sondeval, met verantwoording aan God. Daarom moet die gelowige die middele tot sy beskikking ten beste benut in die omgewing waar hy geplaas is.

Herman van der Linden

# DIE CHRISTEN SE PERSOONLIKE FINANSIES

Prof Aart Boessenkool

## TEMA: LEWE IN GOD SE SKEPPING

In die gesprekke oor die Christen se posisie in die wêreld word altyd gesê die Christen is nie van die wêreld nie, maar in die wêreld. Dit beteken dat die Christen anders optree in die wêreld en dus 'n ander leefstyl en gewoontes het as die nie-Christen. Is dit ook so ten opsigte van die Christen se deelname aan die ekonomie? Dit veral met verwysing na welvaartskepping en op watter manier die Christen optree in die ekonomie en hoe hy/sy sy/haar persoonlike finansies bestuur.

### Die voorsienigheid van God

In die Heidelbergse Kategismus Sondag 10 bely ons oor die voorsienigheid van God, dat God "...hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat ... rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy vaderhand ons toekom."

As Christen moet ons leer om in alle omstandighede op God te vertrou en glo dat Hy in sy liefde vir ons sal gee wat ons nodig het, maar ook soveel gee (of nie gee nie) as wat ons kan hanteer sonder dat ons beproef word bo wat ons kan weerstaan (Spreuke 3:4-6).

Dit beteken egter nie dat ons passief moet wees oor ons deelname aan die ekonomie en maar moet wag vir die "manna" wat God ons in sy voorsienigheid sal gee nie. God gebruik middele soos geld in ons lewe om vir ons rigting te gee, omdat dit daar is waar die meeste Christene sensitief en kwesbaar is. God belowe sy wysheid en rigting. Sy planne vir ons is egter nie altyd dieselfde as wat ons verlang nie. Ons moet die Woord van God deeglik ondersoek om die wysheid en rigting van God ook in ons persoonlike finansies te ken. Deur ons sonde is ons geneig

om ons eie pad te volg en dan van God te verwag (op grond van sy voorsienigheid) om alles vir ons uit te werk. Die voorsienigheid van God is nie 'n versekeringspolis wat alles regmaak wat ons in ons planne sonder God verkeerd gedoen het nie. Die prys wat ons uiteindelik betaal as ons ons eie wysheid bo dié van God se wysheid stel, is nie net die geld en tyd wat andersins in sy diens gebruik kon word nie, maar veral die verlies aan vrede. Soos God in sy Woord vir ons in alle opsigte van die lewe sy wysheid openbaar oor hoe ons moet lewe, so ook gee Hy ons sy onweerspreeklike wysheid vir die hantering van geld op God se manier.

### Wat sê die Bybel oor welvaart?

As ons Skrifgedeeltes soos Mattheüs 6:19-20, Mattheüs 19:23-26, Spreuke 3:13-14, Lukas 6:24, Lukas 12:21, 1 Timotheüs 6:10, 2 Petrus 2:13 en Jakobus 5:1-3 lees, kan ons maklik tot die slotsom kom dat rykdom onchristelik is. Tog is daar weer ander tekste, soos Spreuke 3:16-17, 10:22, 8:18, 21:20, Psalm 118:25, Prediker 7:14 en Johannes 2:6 en 12:3, wat rykdom sekerlik nie as sonde nie, maar as seën beskryf. Wat is dan die brandpunt in die bespreking oor welvaart? Wat vir een persoon welvaart is, is kleingeld vir die ander. Byvoorbeeld vir 'n bedelaar, 'n arbeider, 'n professionele persoon, 'n eienaar van 'n groot bedryf is die bedrag van welvaart wesenlik verskillend. Dit gaan nie oor die welvaart self nie, maar oor ons houding ten opsigte van die verkryging en besit van welvaart. God is besorg oor ons houding teenoor welvaart en besittings. Die besit al dan nie van geld of goed affekteer nie ons verhouding met

God nie, maar ons houding ten opsigte van geld wel. As ons kwaad of terneergedruk is oor ons finansiële situasie, toon ons onself nie as kinders van God nie. Welvaart is nie moreel of immoreel nie en God het dit nie vir sy kinders beplan om alleen in armoede te leef nie. (Die apostels was arm vissermanne, maar die aartsvaders was almal welvaarend.) Daar is geen inherente deug in armoede nie. Daar is eerlike en oneerlike ryk en arm mense. God het dit teen die misbruik van en die behepthed met welvaart – nie met welvaart self nie. Welvaart onder die invloed van die sonde is 'n gevaar vir selfverheffing. Lees Psalm 30:17 en die gelykenis van die ryk dwaas in Lukas 12:16-21, asook oor vertroue op jou welvaart, Mattheüs 19:23-26, of die verlange na welvaart. Waaroor dit gaan, is wat in vraag 28 van die Heidelbergse Kategismus geantwoord word: "dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees..." Die saak is dus oor hoe ons "geduldig" en "dankbaar" moet wees. In Romeine 12:5-6,8 word die gawe van uitdeel as 'n genadegawe genoem. Beteken dit nie dat die vermoë vir die ontwikkeling van die bronne wat die welvaart produseer wat uitgedeel moet word, hierdie genadegawe impliseer nie?

### Die gevare van welvaart en welvaartstrewes

Soos God geld kan gebruik vir die verbetering en rigting in ons lewens, kan satan dit gebruik om ons vas te vang en ons van koers af weg van God te drywe. As Christene moet ons die gevare van welvaart en welvaartstrewes kan herken. In die wêreld van vandag word skuldenaars nie meer tronk toe gestuur nie,

maar dit is vervang met iets soortgelyks, nl. bekommernis en geestelike beswaring, wat weer lei tot ander lewensprobleme as gevolg van die oortreding van een of meer van die Bybelse beginsels ten opsigte van die hantering van geld. Dit gaan nie net oor die tekort aan geld wat die beswaring veroorsaak nie; ook 'n oormaat van geld kan lei tot geestelike angs. As daar na die mening van die persoon te min geld is, is daar bekommernis om meer te verkry, en as daar te veel is, is daar die bekommernis om dit te verloor. Die houding van die Christen teenoor rykdom en armoede is die sleutel wat ons uit die Woord van God moet leer. Dan moet ons weer terug na ons belydenis van God se voosienigheid. Ons moet bely God is Eienaar van alles in die hemel en op aarde, en nie jy self nie.

Welvaart kan nie die einddoel van die lewe wees nie. Behalwe dat welvaart vleuels kan kry en verdwyn (Spreuke 23:4-5), trek dit ons weg van ons werklike taak op aarde (Matthéüs 6:24, Lukas 9:25). Ons moet vergenoeg wees met die voorsienigheid van God. Dit mag egter nie 'n verskoning wees om minder arbeidsaam te wees nie of welvaart wat aan ons geskenk kan word vir aanwending volgens God se voorskrifte, weg te wys nie. Maar ons mag vra vir balans in ons lewe, wat teen ons sondige aard is (Spreuke 3:27-28). Die Bybel verwys na 'n persoon wat spaar (welvaart vergader) as wys, maar wys ook op die gevare van vergader van skatte (Spreuke 21:20, 15:16). Maar ons mag ook die welvaart wat aan ons toevertrou is, in blydskap

aanvaar en geniet, want dit kan tot die skoonheid en veraangenaming van die lewe dien. Dink maar aan die vierdae wat ingestel was waar daar 'n groot nadruk was op vreugde (Levitikus 23:21,24,27). Maar wees gewaarsku teen die verkeerde aanwending van welvaart, sien dit raak en word nie deel daarvan nie! (2 Petrus 2:13)



### **Die aangaan van skuld en skuldafskrywing**

Die wêreld wil graag aan elkeen leen. Die advertensies skep oënskynlike behoeftes en groepsdruk wil individue forseer om soos die groep op te tree. As die geld nie genoeg is om dit alles te doen nie, is dit geen probleem nie, want dan kan die geld geleen word. Is die aangaan van lenings dan onchristelik? As ons nie mag leen nie, sou weinig Christene 'n huis of 'n motor kon bekostig. Die vraag wat ons moet beantwoord, is wat doen ons as ons leen? Ons verdiskonteer die toekoms. Ons neem onverdiende toekomstige inkomste nou alreeds in besit en verbind onself aan ander tot ver in die toekoms. Die Bybel verbied nie die leen en uitleen van geld nie, maar waarsku teen die probleme wat gepaardgaan met die aangaan of gee van skuld (Spreuke

22:7, Job 31:24-25,28). God wil nie dat ons onself beswaar nie, omdat dit ons vermoë om Hom te dien, kan beperk. Dit gaan dus nie oor die aangaan van 'n lening wat volgens die ooreenkoms betaal word nie, maar die rede waarvoor die lening aangegaan word, moet in lyn wees met die lewenstaak van die Christen om God op aarde te dien. Dan is die aangaan van 'n lening vir 'n huis en/of 'n motor in jou omstandighede dalk noodsaaklik. Die vraag is dus: waarvoor word die lening aangegaan? Dan sien ons hoe die jonger mense verkeerde skuld aangaan (koop van motor) sonder die vraag: Is die aankoop en aangaan van die lening nodig om God te dien in my lewe; is die item wat ek koop, bedoel om God te dien of om dit vir die wêreld te wys? Moet ek nie liever 'n beginnerhuis koop, sodat my verpligtings later ten opsigte van die gesin haalbaar is nie? En alhoewel weelde op sigself nie verkeerd is nie, moet die Christen waak teen verkeerde weelde. Die grens tussen goeie weelde en kwade weelde is vir elke persoon verskillend. Die feit dat jy iets kan bekostig, maak dit nie noodwendig reg om dit te besit nie. Hier kan die beginsels van soberheid, eenvoud en bekostigbaarheid dien om die kwade weelde en verkeerde aangaan van skuld te weerstaan.

Ons moet as Christen die Bybel bestudeer om ons hele lewe so te bestuur dat God sentraal daarin staan. Laat ons dit nie nalaat in ons ekonomiese optrede nie, want dit is deel van ons lewe op aarde as Christen.

**Die tema's wat volgende keer in KOMPAS bespreek gaan word:**

**Julie : Etiek**

**Augustus : Sending en Evangelisasie in SA**

**September : Kerklike tradisies**

# RENTMEESTERSKAP OOR ONS BESITTINGS

Berend Mulder

TEMA: LEWE IN GOD SE SKEPPING

## Geloof en Besittings

Hoe kyk ons as Christene na ons aardse besittings? Op wie plaas ons meer vertrou, op Christus of op ons aardse besittings? Aan wie, sê ons, behoort ons aardse besittings en vir wie dien ons daarmee? Sien ons as Christene ons geloof en aardse besittings as twee aparte leefwêrelde, waar ons Christus sentraal plaas ten opsigte van ons geloofsluwe en onself sentraal plaas ten opsigte van ons aardse besittings?

Christus het in sy prediking hier op aarde meer klem gelê op geld en aardse besittings as op enige ander onderwerp. Waarom het Jesus so baie klem gelê op geld en besittings? Omdat daar 'n wesenlike ooreenkoms is tussen ons geestelike lewe en ons siening en hantering van ons geld. Ons kan probeer om ons geld en geloof van mekaar te skei, maar God sien dit as onlosmaaklik verbonde. Wat is dan die geestelike en praktiese redes daarvoor dat Christus so baie aandag aan geld en aardse besittings gegee het?

Die geestelike rede is dat die hantering van ons geld en aardse besittings ook 'n invloed het op die mate van intimiteit in ons verhouding met Christus. In Lukas 16:11 sê die Here: "As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?" 'n Meer intieme verhouding met Christus is die ware rykdom in die lewe. Die praktiese rede is dat die Here weet dat ons wysheid nodig het om met geld te werk. Hy het in die Skrif sy beginsels gegee vir

werk, verdienste, besteding, spaar, beleggings en gee.

Die uitgangspunt is dat alles, insluitende ons finansiële middele, aan God behoort. Hy is verantwoordelik vir alles wat bestaan. Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here. Verder erken ons nie net dat Hy alles besit nie, maar ook alles beheer. Om dié rede sal ons hemelse Vader ook in al ons behoeftes voorsien.

## Betroubaarheid

Tog gee ons hemelse Vader binne sy almag aan ons as mense verantwoordelikhede, ook ten opsigte van geld. God eis van ons om rentmeesters te wees van God se besittings. Die taak van rentmeesterskap moet op 'n betroubare wyse uitgevoer word. Van 'n bestuurder word veral vereis dat hy betroubaar moet wees. Die Vader werk op 'n besondere wyse met ons, Hy toets ons eers met klein verantwoordelikhede, en indien ons daarin slaag, gee Hy aan ons groter verantwoordelikhede om betroubaar mee om te gaan. Ja, God gebruik geld om jou karakter bloot te lê en te suiwer. So ontbloot Hy ons geestelike toestand deur te kyk hoe ons geld hanteer.

God wil hê dat ons volkome eerlik moet wees. Daar is letterlik honderde verse in die Bybel wat eerlikheid uitstippel. Die Here het 'n afsku van leuenaars, Hy hou van betroubare mense. Ons kan nie oneerlik wees en God liefhê nie. Eerlikheid lei tot geloofwaardigheid, sodat jy ook daarmee ander mense na God toe kan lei.

## Werk en Finansies

Ons **arbeid** is hier aan die orde. Jou werk is gekoppel aan 'n inkomste en dit bepaal jou welstand. Die eerste taak wat God aan Adam gegee het, was om vir hom werk te gee. Na die sondeval het werk wel aansienlik moeiliker geword, maar Jesus Christus het werk met sy kruisoorwinning weer 'n voorreg gemaak. Werk is en bly 'n noodsaaklikheid, want dié wat nie wil werk nie, moet ook nie eet nie. Werk bou karakter. Terwyl die bouer die huis bou, bou die huis die bouer. Buiten 'n inkomste, word die mens se bekwaamheid en oordeelsvermoë ook verfyn en verbeter. Die belangrikste vraag is elke dag: Vir wie werk ek? Jy werk vir Christus. Wat julle doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.

Elke mens het van die Vader 'n gawe gekry en dit moet aangewend word deur te werk. Wanneer die Here wil, sal Hy sukses gee, sal Hy verhoging of bevordering gee. Doen met toewyding wat jou hand vind om te doen. Enigiets wat "te" is, is ook gevaarlik: te min werk of te hard werk.

Moenie oorhaastige en eiewyse besluite neem nie. Ons Vader moedig ons aan om altyd eers raad te vra voordat ons 'n **finansiële besluit** gaan neem. Vra raad in gebed by die Vader en hoor wat Hy in sy Woord sê. Vra raad by jou huweliksmaat, jou ouers, jou medegelowiges en by spesialiste. In Spreuke 19:20 sê die Here: "Luister na raad, aanvaar wat jou geleer word, sodat jy uiteindelik wysheid kan hê".

## Vergenoegdheid

Leer om **vergenoeg** te wees. Hieroor is die tiende gebod duidelik. Moenie jou besteding vergelyk met iemand anders s'n nie. Lewe in eenvoud, want op die ou end raak jou aardse besittings belangriker as jou verhouding met die Here. In Filippense 4:11-13 sê Paulus dat hy geleer het om vergenoeg te wees. Wees tevrede met dit wat die Vader op dié tydstip vir jou gee. Leer daarom om 'n bestedingsplan op te stel met 'n inkomste- en uitgawe-staat en lewe daarvolgens.

Die Bybel sê nie dat **skuld** 'n sonde is nie, maar leer wel dat skuld jou 'n slaaf maak: Die lener is die slaaf van die man by wie hy leen. Die groot probleem met skuld is dat jy jou as mens daarmee op die toekoms beroep. Net God weet wat die toekoms inhou. As jy wel skuld moet aangaan, doen dit biddend en stel eers 'n deeglike haalbare terugbetalingsplan vir jou skuld op.

## Gee vir God en Naaste

Wanneer ons oor geld praat, is **gee** een van die mees vervullende aspekte van 'n Christelike lewe. Dwarsdeur die Bybel word vrygewigheid aangemoedig. Die gesindheid waarmee ek gee, is uiters belangrik. Gee eerder vanuit 'n hart vol liefde. God die Vader het sy Seun prysgegee vir u en vir my, hoeveel te meer moet ons dan nie teruggee nie? Verder leer ons dat God van ons verwag dat ons met 'n blymoedige hart gee en nie iets terugverwag nie, want as jy iets terugverwag, het jy dit nie uit liefde gegee nie. Wees dankbaar en vrolik wanneer jy iets vir iemand kan gee, want dit is 'n voorreg. Met so 'n

gesindheid stel ons **Christus sentraal** in ons lewe.

Daar is 'n stelling van Jesus wat nie in een van die Evangelies opgeteken is nie, maar wat in Handeling staan: om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang (Hand. 20:35).

In teenstelling hiermee vertel Jesus van 'n ryk man wat al sy rykdom op homself uitgegee het. Hy het beplan om sy skure af te breek en groter skure te bou, sodat hy meer kon opgaan en vroeg aftree en die lewe geniet. Maar God noem hierdie man 'n dwaas en sê vir hom: "Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?" (Luk. 12:20). Die grootste aanklag teen hierdie man is dat hy sy skatte op aarde versamel het om homself daarmee te dien.

Toe 'n ryk jongman op 'n dag van Jesus wou weet wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe, het Jesus hom geantwoord: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My" (Matt. 19:21). Die man was verkog aan sy aardse besittings. Jesus het geweet geld en besittings is die man se afgod. Hy het besef die man sal nooit vir God kan dien tensy hy van sy geldgod afstand doen nie. Maar vir die ryk jongman was dit 'n te hoë prys om te betaal en hy het omgedraai en sy rug op die skat in die hemel gedraai. Jesus vermaan ons om nie skatte op die aarde bymekaar te maak nie, nie omdat Hy dink rykdom mag miskien

vergaan nie, maar omdat rykdom altyd verlore gaan. Dit raak verlore terwyl ons nog lewe, of ons los dit hier wanneer ons sterwe. Sonder uitsondering. Geld op sigself is nie die wortel van alle kwaad nie, maar die liefde vir geld wel. Daar waar jou skat is, daar sal ook jou hart wees.



Hierdie gedagtes kan ook verder toegepas word op die gee van **tiendes** vir die diens aan God en die verspeiding van die evangelie, asook op ons **spaargedrag**, om daarmee verantwoordelikheid te neem vir ons toekoms met die middele wat God ons gee.

Ons is so ingestel om te kry "wat ons toekom", dat ons onself die een ding ontsê wat ware seën en vreugde bring, naamlik om aan God te gee wat Hom toekom. As ons gee, doen ons wat Christus van ons vra, nl. om God en ons naaste lief te hê. Wanneer ons oorvloedig gee, bevestig ons Christus se heerskappy en versamel ons so as God se rentmeester 'n ware skat in die hemel.

Bron gebruik: **Gebruik jou geld tot eer van God**, uitgegee deur Crown Ministries.

# KLIMAATVERANDERING

Hans Moes

*TEMA: LEWE IN GOD SE SKEPPING*

**Vrywel daagliks kan ons iets lees, hoor of sien oor klimaatverandering. Dit is deurgaans ontstellende berigte: dit gaan droër word in Suid-Afrika, landbou- en visvangsopbrengste gaan sterk verminder, armoede in Afrika gaan toeneem, storms, vloede en natuurrampe gaan toeneem, die seewatervlak gaan styg, kusgebiede gaan wegspoel, ens. Is dit profesieë van doemprofete of is daar werklik iets besig om verkeerd te gaan met die aarde se natuur? En as dit die geval is, is dit as gevolg van menslike invloedde en ons slegte rentmeesterskap oor die skepping? Is daar moontlikhede om dit te verhoed of die gevolge te verminder?**

## **Waarnemings**

Verskeie internasionale en nasionale studies is en word uitgevoer om te bepaal wat die langtermyn verandering van die wêreldklimaat is. Veral die Inter-regerings- Paneel oor Klimaatverandering (Engels: IPCC) loods self ondersoek en versamel gegewens van ander navorsers. Uit metings blyk dit dat daar die laaste tyd verskeie klimaatrekords gebreek word. April 2007 was die warmste Aprilmaand in Wes-Europa die laaste 400 jaar, die vyf warmste jare oor die laaste 150 jaar het die afgelope vyftien jaar plaasgevind. Die gletsers van Groenland en die drywende yskap van die Noordpool smelt teen 'n versnelde tempo. Kilimandjaro is besig om sy sneekap te verloor. Genoeg aanduidings dat aardverwarming werklik plaasvind.

## **Wiskundige modelle**

Die verandering in klimaat mag dalk nog nie nou al vir ons 'n bekommernis wees nie, maar ons moet vorentoe kyk en die toekom-

stige gevolge probeer verstaan. As ons dit kan vasstel, kan ons planne maak om ons daarop voor te berei en die gevolge te verminder. Die wetenskaplike metodes wat gebruik word om toekoms-scenario's te voorspel, is met behulp van wiskundige modelle. Dit is rekenaarprogramme waarin die fisiese en biologiese prosesse van die natuur in wiskundige verhoudings weergegee word. 'n Mens kan verstaan dat, om die wêreld se klimaatverhoudings en gevolge in alle detail weer te gee, dit nogal ingewikkelde rekenaarprogramme sal vereis.

## **Broeikas-effek**

Die oorsaak van aardverwarming word algemeen toegeskryf aan die broeikas-effek van die aarde se atmosfeer. Hierdie is 'n belangrike funksie van die atmosfeer om lewe op aarde moontlik te maak. Sonder die broeikas-effek van die atmosfeer sou die gemiddelde oppervlaktemperatuur van die aarde ongeveer  $-18^{\circ}\text{C}$  wees in plaas van die huidige  $+15^{\circ}\text{C}$ . Die broeikas-effek word onder andere bepaal deur die hoeveelheid koolstofdiksied ( $\text{CO}_2$ ) in die atmosfeer (ekskuus vir hierdie ingewikkelde name, maar vir 'n goeie begrip is dit nodig om dit te vermeld). Dit blyk dat die hoeveelheid koolstofdiksied in die atmosfeer die laaste jare sterk toegeneem het. Volgens die politikus Al Gore se film "Die ongemaklike waarheid" is daar selfs 'n duidelike verband tussen die hoeveelheid koolstofdiksied in die atmosfeer en die aardtemperatuur. Dus is die afleiding dat koolstofdiksied die oorsaak is van die aardverwarming wat nou waargeneem word.

## **Koolstofdiksied**

Die belangrike vraag is dan: waardeer neem die koolstofdiksied in

die atmosfeer toe? Koolstofdiksied word geproduseer by die verbranding van koolstofprodukte, soos hout, steenkool en olieprodukte. Ons weet dat die mens besig is om op groot skaal hierdie grondstowwe te verbrand. Die bosse en oerwoude van die wêreld word op 'n groot skaal afgebrand, veral in Indonesië (Borneo), Brasilië en sentraal Afrika, om plek te maak vir landbougrond. Steenkool word op groot skaal verbrand in konvensionele kragentrales. Suid-Afrika neem aktief hieraan deel en ESKOM gaan nou, na 'n pouse van 20 jaar, nog 'n nuwe groot kragentrale bou by Lephalale in Limpopo. Ander kragentrales, maar veral ook motors en vliegtuie, gebruik petroleum-brandstowwe. Dit is alles menslike aktiwiteite. Dus is die gevolgtrekking dat die toename in koolstofdiksied in die atmosfeer veroorsaak word deur menslike aktiwiteite.

Die gevolg van 'n toename in koolstofdiksied in die atmosfeer kan ook in die wiskundige klimaatmodelle bepaal word. As ons kan voorspel of aanneem wat die toename in koolstofdiksied is, kan ons bepaal wat die effek op die temperatuur van die aarde sal wees. En vervolgens watter effek dit sal hê op ons klimaat en natuurprosesse soos reënval, storms, smelt van gletsers en yskappe en seewatervlakstygings. Daarna kan ons dan bepaal wat ons moet doen om koolstofdiksiedvlakke in die atmosfeer te beheer en wat 'n aanvaarbare norm vir uitlaatgasse sal wees.

## **Betroubaarheid van modelle**

Maar dit is waar die debat op die oomblik vashaak. Op grond van oortuigende metings is daar geen

twyfel dat die temperatuur van die aarde se atmosfeer styg nie en dat yskappe orals besig is om te smelt. Daar is ook goeie bewyse dat die koolstofdioksied in die atmosfeer besig is om toe te neem. Maar is daar 'n duidelike en kwantitatiewe oorsaak-en-gevolg (“kousale”) verband tussen die twee? Die kritiek fokus veral op die gehalte van die wiskundige modelle wat gebruik word om die oorsaak (toenemende koolstofdioksied) met die gevolge (aardverwarming en regionale klimaatseffekte) te verbind.


Die huidige ingewikkelde wiskundige modelle vir klimaatsverandering wat nou ontwikkel is, is nog maar relatief primitief en werk op 'n growwe ruimtelike skaal. Enige betroubare wiskundige model moet nie net gebaseer wees op goeie fisiese en wiskundige beginsels nie, maar moet ook ge-yk word. Dit is die eerste swak punt van die modelle. Ons het nie genoeg inligting van voorgaande prosesse of laboratoriumtoetse om die modelle te yk nie en die veronderstelde koppeling tussen koolstofdioksied en temperatuur te bepaal. Ons weet te min van die vorige ystye op aarde, en die toenmalige koolstofdioksied in die atmosfeer, om dit te gebruik vir yking. Daarom beweer party wetenskaplikes dat die huidige temperatuurverhoging van die aarde se atmosfeer dalk, tenminste vir 'n deel, veroorsaak kan word deur 'n langtermyn temperatuurtoename en wisselings daar rondom. Ons beweeg mos weg van 'n vroeëre ystyd af. Maar die toename in koolstofdioksied en temperatuur is te sterk om dit toe te skryf aan wisselings rondom 'n langtermyn-proses.

Die volgende punt van kritiek is dat die aannames wat in die modelle gebruik word, te beperkend is. Dit word veroorsaak deur die beperkte kennis wat ons nou nog het van die ingewikkelde klimaatprosesse wat in die aarde se atmosfeer plaasvind

(dink maar aan die onbetroubaarheid van weervoorspellings). Omdat ons hier nie genoegsame duidelikeheid het nie, sal die wetenskaplikes wat die modelle opstel, keuses moet maak oor wat belangrik is en wat nie, en oor hoe die verhoudings bepaal en beskryf moet word. Dit veroorsaak 'n mate van subjektiwiteit in die modelle. Daar word selfs beweer dat die feit dat verskillende modelle dieselfde voorspellings maak, veroorsaak word deur dieselfde aannames en onderlinge vergelyking van resultate. Die modelle word dan gemanipuleer om te voorspel wat die modelleerder as uitkoms wil hê.

Verder is die huidige modelle nog maar baie grof. Die grootte van berekeningselle is nog maar so rond 3 x 3 grade (330 x 330 km). Binne sodanige selle kan heelwat mikro-klimaatprosesse 'n rol speel, soos die opstyging van dieper oseaanwater (“upwelling”) langs die SA westkus. Dit beteken dat die voorspellings van storms, regionale reënval, invloed op visvangs en boerdery baie onbetroubaar is. Hier kom die doemprofete dus maklik in.

Ons klimaat is 'n fyn balans wat baie lewens- en voedselprosesse bepaal. Daarom moet ons baie sorgvuldig daarmee omgaan en verantwoordelikheid neem vir enige negatiewe ontwikkelings.



### Gevolgtrekkings

Wat moet ons gevolgtrekking dan wees? Omdat die wiskundige modelle vir die voorspelling van klimaatverandering so onbetrou-

baar is, moet ons dan maar voortgaan met die huidige nywerheidsontwikkelings en maar afwag wat die waarneembare gevolge gaan wees? Moet ons bid dat die Here die skadelike gevolge van ons menslike aktiwiteite maar moet afweer – alles is mos in sy hand? Hierdie sal volledig in stryd wees met ons verantwoordelikheid as rentmeesters van die skepping. Selfs as ons nie seker is oor wat presies gaan gebeur nie, is daar genoeg rede om negatiewe klimaatontwikkelings as gevolg van menslike aktiwiteite te verwag. **Ons verantwoordelikheid as rentmeesters** vereis dat ons nou reeds maatreëls neem om die moontlik ongunstige gevolge af te weer.

Daarby moet ons nie vergeet van die grondoorsaak van hierdie klimaatverandering nie. Dit is die **menslike begeerte** na meer en beter. Ons wil opklim na die hoogs moontlike vlak van “beskawing”: vinnige nuwe luukse motors vir almal in die gesin, elektriese apparate vir enige taak in die huis, in die tuin en by die werk, verkoeling in die somer en verwarming in die winter, warm water enige tyd van die dag en nag, ligte wat die nag omskep in dag, ens. Ons kyk na lande soos die VSA, Europa en Japan, en almal wil graag op dieselfde vlak van ontwikkeling leef. Begeerte. Verder is daar miljarde mense wat nog ver onder ons “beskawing” leef, maar wat vinnig besig is om ons in te haal: lande soos China en Indië. Maar die mense van Suid-Amerika en Afrika sal ook graag al die geriewe tot hul beskikking wil kry wat nou nog net in die “weste” beskikbaar is. Dit beteken 'n geweldige toename in energiebehoefte en –produksie en gevolglike verbranding van koolstofprodukte. Hoe kan ons die skadelike gevolge verhoed?

Gewone mense, en selfs politici, verstaan dat daar nou op nasionale en internasionale skaal maatreëls

geneem moet word. Die belangrikste is om voorsiening te maak vir moontlike toekomstige negatiewe **gevolge** van klimaatverandering. Dorpsontwikkelings moet nie meer binne die 500-jaar- vloedlyn van riviere toegelaat word nie. Kusontwikkelings moet nie meer tot op die kuslyn toegelaat word nie. Omgevingsvriendelike wateropgaar- en watervervoer-skemas moet ontwikkel word. En daar kan nog meer voorbeelde genoem word.

Tewens moet ons maatreëls neem om die **fisiese oorsaak** van klimaatverandering te verminder. Dit beteken dat daar minder koolstofdioksied in die atmosfeer vrygelaat moet word. Kan ons koolstofdiok-

sied uit die atmosfeer omtrek en opslaan of gebruik vir versnelde plantegroei? Kan ons meer doeltreffende verbrandingsprosesse ontwikkel vir kragcentrales en motors? Kan ons verhoed dat oerwoude verder uitgeroei en afgebrand word? Kan ons nie oorgaan op kernenergie vir kragopwekking nie?

Maar dan ook **op persoonlike vlak**: moet ons ons begeertes na meer en beter nie met verantwoordelikheid inperk nie en meer kyk na energiebesparing? Sonpanele op die dak vir waterverwarming is baie doeltreffend, al kos dit dalk (nou nog) meer as die ESKOM-krag. Dit vra 'n bietjie beplanning vir was, bad en stort, maar kan aansienlik bydra tot

vermindering van huishoudelike elektrisiteitsbehoefes. Kan ons nie saamryklubs vorm om werk toe te ry nie en daarmee ook die verkeersprobleme in die land verminder? En so is daar meer. Laat ons kreatief wees.

Die **aanbeveling** sal dus wees: alhoewel daar nog geen absolute sekerheid is oor die negatiewe invloed van menslike aktiwiteite op klimaatverandering nie, laat ons ons gedra as verantwoordelike rentmeesters in God se skepping, laat ons besin oor die gevolge van ons onbeheerste energiebehoefes en laat ons streef na volhoubaarheid van ons natuurlike hulpbronne.

---

# SABBAT- EN JUBELJAAR

Carl van Wyk

## VENSTER OP DIE BYBEL

In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die hemel as woonplek vir Homself. En die aarde as woonplek vir die mens. Die mens word na die beeld van God geskep. Hy word die taak gegee om die potensiaal wat God in sy skepping weggeleë het, te ontgin. Om ekonomies besig te gaan wees. Sonde het egter God se goeie skepping binnegedring. En dit is veral in die ekonomiese sfeer dat die sonde in al sy felheid toeneem (Gen. 4:20-22). In sy ekonomiese arrogansie begin die mens vir homself 'n stad bou, 'n eie naam maak (Gen. 11:4).

Dit is teen hierdie agtergrond dat die Here 'n heeltemal nuwe begin maak. Hy gaan nie sy skepping prysgee nie. Hy gaan die aarde herskep, nuutmaak. Met een volk, 'n eie land, gaan die Here dan

verder. Israel en Kanaän is die begin van God se herstel. Kanaän word die sentrum van die wêreld - soos Eden dit in die begin was. Hiervandaan moet God se seën na die res van die mensdom gaan.

Abraham en sy nageslag funksioneer dan as 'n model, 'n leermeester in die beloofde land. Dit was die doel van hulle verkiesing (Gen. 18:19). Dus 'n sendende rol: Israel moet 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie in die midde van die ander nasies wees (Eks. 19:6). Anders, verskillend as die nasies romdom hulle - omdat die God wat hulle dien, anders is as die gode van die omringende nasies.

Hoe Israel met die land, met mekaar en met alles in daardie land omgaan, moes ook reflekteer wat die Here aan hulle gedoen het. God het

sy barmhartigheid aan hulle in Egipte bewys. Op hulle beurt moes Israel nou in Kanaän dieselfde aan mekaar doen. God se karakter - sy barmhartigheid - teenoor mekaar reflek-teer. En dit het die Here genadiglik in sy onderwysing vir die volk vasgelê: in o.a. die uitoefening van die sabbat- en die jubeljaar; sien Levitikus 25.

As ons nou na hierdie Skrifgedeelte gaan kyk, dan sien ons dat spesifiek die bevryding uit Egipte weer die motivering is vir die toepassing van die sabbat- en die jubeljaar; Lev 25: 38, 42 en 55. In Egipte was Israel slawe onder die harde heerskappy van Farao - verdruk, ekonomies uitgebuit. Die Here het hulle met 'n magtige hand van hierdie omstandighede verlos. Nou is hulle nie meer slawe by Farao nie, maar vreemdelinge en bywoners by God -



gaste by God; 25:23. Geniet hulle in Kanaän van God se gasvryheid.

Dáárom moet hulle t.o.v. mekaar dieselfde barmhartigheid, gasvryheid bewys. Nie mekaar verdruk, uitbuit nie. Maar die lewe vir mekaar ook heel konkreet leefbaar gaan maak. En dan spesifiek t.o.v. diegene wat ekonomies nie so goed daaraan toe is nie - die wees en die weduwee, die familieuse, die grondlose. En ook aan elkeen wat by die God van Israel kom skuiling soek - die vreemdeling, bywoner, vlugteling. Hierdie mense was afhanklik van die barmhartigheid van andere.

Na analogie van Gen. 2:3 - God wat op die sewende dag rus van sy skeppende werk en dié dag seën - vind ons hierdie selfde gedagtes (rus en seën) in die sabbat- en die jubeljaar. Vir 'n beter insig kan ons ook kyk na die begin van Salomo se regering: *die volk wat saam met die Here rus in die beloofde land en sy mildelike seën geniet*. Konkreet in die wysheid waarmee Salomo die volk regeer - nie met onreg nie, maar met reg en geregtigheid; 1 Kon. 3:16-28.

Dus: in die sabbat- en die jubeljaar gaan dit nie soseer om nie-werk nie. Maar die klem is op **God wat in die midde van sy volk woon en hulle seën**. Dit was juis die doel van die bevryding uit Egipte; Eks. 29:46. God oefen sy reg uit op die land en sy kinders. In Kanaän word aan almal en alles reggedoen.

Selfs die grond en die werkdier mag nie uitgebuit word nie. Vir twee jaar na mekaar - geen ploeg op die land, geen saai, oes of snoeiery nie. Die Here voorsien (seën) ook gedurende hierdie tyd - Lev. 25:20-22. En spesifiek m.b.t. tot die jubeljaar - dit is 'n jaar van vrystelling en restaurasie vir die hele land en haar bewoners. Elkeen wat sy grond of homself aan 'n ander verhuur het, moet teruggaan na sy erfdeel of na sy familie. Nie mekaar verdruk, uitbuit wanneer

daar sake met mekaar gedoen word nie. Die grond (ook huise en weiveld) mag nie permanent verkoop word nie. Geen rente op lenings nie. Kortom: niemand mag in sy ekono-miese swarigheid ongehulp gelaat word nie.

Hierdie ekonomiese verligting was egter nie die doel op sigself nie. Israel het die taak gehad om God se beeld, sy karakter en identiteit in Kanaän te gaan reflekteer - dit is dus terug na Eden. Dít is hoe die Here, die God van hemel en aarde, is. En dit alles met die doel om God aan die omringende nasies voor te stel: só lyk dié God wat ons dien; dít is sy karakter - Hy is goedertieren en barmhartig. Sodat ook die nasies kan kom tot die aanbidding van hiérdie God en ook saam met Hom mag rus en mildelik van sy seën geniet. En daar vrede mag wees.

Vir die Israeliet was Kanaän alles gewees. Daar het hy geleef en gewerk. Vandag het hierdie land geen waarde meer vir ons as gelowiges nie. Dit was toe, maar wat van nou? En hoe gaan God nou eintlik verder met sy groot plan van herstel in hierdie wêreld? En hoe word daar invulling gegee aan die sosiaal-ekonomiese dimensie?

Hiervoor kan ons let op Ef. 2:11-3:6: hier gebruik Paulus dieselfde woorde vir mense wat in Israel nie die voorreg gehad het om eie grond te besit of enige familie te hê nie - die uitlander, immigrant, vlugteling, maar ook mense soos die wees en die weduwee. In vs. 12 toon Paulus dan aan wat ons posisie vroeër was: *"...vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte..."* Dus dieselfde as bogenoemde. Maar nou, in Christus, het ons wat eens ver was, naby gekom. Die middelmuur van skeiding is weggeneem. Gelowige Jood en Griek is nou saam in 'n nuwe gemeenskap.

Wat Israel dus deur hulle land gehad het, het almal nou deur Christus. Ons is nou almal mede-erfgename, één liggaam en medelers in die belofte. Met die roeping: *"Wees dan navolgers van God..."*; sien 5:1.

Maar steeds bly die vraag: wat van die sosiaal-ekonomiese aspek wat so sentraal was gestaan het in die land in die Ou Testament? Is dit alles vervul in Christus? Het dit slegs "geestelike" betekenis soos so baie dit afmaak? Het ons vandag geen sosiale en ekonomiese verantwoordelikheid t.o.v. mekaar nie?

In Ef. 2:18,22 wys Paulus op die rol van die Gees van Christus in die bymekaarbring van Jood en Griek in God se huisgesin. Sien ook 4:3-6: die eenheid van die gelowiges. En nie maar net 'n eenheid in "ons almal glo dieselfde en verder het ons niks met mekaar te doen nie." Maar, dit is om ook konkreet sosiaal-ekonomies met mekaar om te gaan. Die Gees bind ons aan mekaar.

Bv. in Rom. 15:25-27 sien ons hierdie eenheid konkreet werkzaam: Paulus wat 'n kollekte insamel onder die Griekse gelowiges ten bate van die Joodse gelowiges in Jerusalem. Die Griekse gelowiges is dit aan Jerusalem verskuldig, omdat die seën van die evangelie vanuit Jerusalem na die Grieke gekom het. In 2 Kor. 8:4; 9:13 prys Paulus die gemeente te Korinte aan vir hulle bereidwilligheid om mee te lewe in die insameling - dit is die bewys van hulle gehoorsaamheid aan die evangelie.

Maar wat van die res van God se skepping? Hoe lewe ons as verlost mense m.b.t. tot die ander beeld-draers op aarde, die plante en diere, die aarde self, met die materiële waarmee die Here ons daagliks seën? In alles - sien ons onself as rentmeesters in God se goeie skepping; dat die aarde en sy volheid

eintlik aan die Here behoort? As gelowiges het ons 'n verantwoordelikheid teenoor God se hele skepping. In elke sfeer van hierdie lewe. Om die beeld van God te gaan vertoon, navolgers van God te wees. Want hoe jy in God se skepping leef met jou naaste, met die skepping self en alles daarop, is 'n termometer vir die verhouding met die Here en ook vir die status wat ons as die huisgesin van God geniet.

Weer moet ons daarop let dat die sosiaal-ekonomiese nie die einddoel is nie. Soos Israel het die kerk vandag die rol om in dit alles 'n lig vir die nasies te wees. Om die beeld van God, sy karakter en identiteit, in hierdie wêreld te reflekteer; sien ook 1 Petr. 2:9. En sodoende 'n model, leermeester vir die mense in ons omgewing te wees en so intrede vir hulle by God doen. Sodat die seën steeds verder gaan.

En al die nasies uiteindelik kom tot die verheerliking van die God van hemel en aarde.

**Bron:** Old Testament Ethics for the people of God

**Skrywer:** Christopher J. H. Wright

**Bladsye:** p. 23-210

---

## HERWINNING – 'n verantwoordelikheid teenoor ons “toekomstige” naaste?

Wilma Pouwels

### OPVOEDING EN ONDERWYS


*Elkeen van die ± ses-en-‘n-half miljard mense op aarde veroorsaak gemiddeld 2kg afval per dag. Volgens ons grondwet het elke landsburger die demokratiese reg om in ‘n skoon Suid-Afrika te woon. Die ander kant van die muntstuk is dat elke landsburger ‘n demokratiese plig het om die land skoon te hou.*

*Die werklikheid is egter dat ons nie in ‘n skoon land woon nie en die meeste mense dit nie as hul plig sien om ons land, veral ons direkte omgewing, skoon te hou nie. In Johannesburg byvoorbeeld word 80 ton vullis per dag van die strate verwyder. Dit kos die Johannesburgse munisipaliteit R100 miljoen per jaar.*

Die grootste persentasie van residensiële afval is die **verpakking** van dit wat ons eet of drink. Papier, plastiek, glas en metaal is die grootste kopseer vir stortingsterreine. Volgens die Plastiekfederasie van SA word net 20% van alle plastiek herwin, wat beteken dat 80% op

ashope bly lê en eintlik nie afgebreek kan word nie, omdat ultravioletstrale nie toegegooide plastiek kan bykom nie. Sels papier kan nie behoorlik op stortingsterreine verweer nie as gevolg van suurstof wat nie in die gekompakteerde toestand waarin dit lê, beskikbaar is nie. Opgehoopte koerante en telefoonboeke kan daarom tot 20 jaar en langer onverstoord lê. Hierdie massiewe stortingsterreine, waar ons swart asblikke leeggegooi word, veroorsaak op die lang duur ernstige grondwater-besoedeling en metaangas-vrystelling, wat weer 'n negatiewe impak op aardverwarming het.

Die regering van SA het wetgewing in plek gestel wat betref **plastieksakke**. Hierdie sakke is al as die “nasionale blom” verklaar, omdat dit so vrylik rondgewaai het in hierdie mooi land van ons. Om van die plastieksakke wat deur diere gevreet word, nie eers te praat nie! Gelukkig is daar daadwerklik deur ons regering ingegryp, waarvoor ons hulle gerus 'n pluimpie kan gee.



Verder is die **regering** besig om wetgewing te bespreek waardeur hulle wil poog om die vervaardigers van produkte verantwoordelik te maak vir dit wat hulle vervaardig. D.w.s. die vervaardiger van 'n produk moet 'n plan in plek hê waarvolgens hulle produkte, ná gebruik, grotendeels herwin kan word. Die doel van die regering se wetgewing het vele voordele. In die eerste plek om teen die jaar 2022 soveel as 70% minder afval op stortingsterreine te hê. Dit beteken 'n langer lewensduur vir die stortingsterreine, omdat meer afval herwin gaan word en dus nooit op die stortingsterreine te lande gaan kom nie. 'n Ander beweging is die internasionale ISO 14000-stelsel vir vervaardigers, wat ten doel het om die

invloede van materiale en produkte op die omgewing te verminder. Maatskappye kan kreditasie ontvang indien hulle aan die stelsel se doelstellings voldoen, wat weer 'n voordeel in bemarking kan wees bo hul konkurrente wat nie geakkrediteer is nie.

Tweedens gaan die implementering van verskeie herwinningsprojekte werkskepping teweegbring, en derdens sal dit vir almal 'n skoner en natuurliker omgewing skep.

Herwinning is dus om **nuttelose afval** tot bruikbare produkte te omskep. Dit kan behels dat 'n produk, na gebruik, vir iets anders aangewend word, bv. ou afgeloopte motorbande wat in speelparke as swaaie of op klimrame gebruik kan word; of om 'n produk na gebruik weer te smelt om so die materiaal te hergebruik.

Herwinning help nie net om besoeiding te bestry nie, maar dra ook by tot die **bewaring van natuurlike hulpbronne**. Verder is herwinning werkskeppend. Baie werklose mense maak afval bymekaar wat hulle verkoop by herwinningsaanlegte.

Herwinning is nie 'n nuwe begrip nie. Die mens het lankal begin besef dat hy besig is om die aarde te vervuil en boonop besig is om natuurlike hulpbronne uit te put. Dink maar net hoeveel bome benodig word om die mens in staat te stel om te kan lees en inligting bekend te stel. (Daar word ±120 miljoen bome per jaar in SA omgekap wat hoofsaaklik vir die papierbehoefte in SA gebruik word).



Papier, karton, glas, metaal, plastiek, elektroniese afval. Dit lyk na 'n kort lys van **herwinbare materiaal**, maar daar is baie soorte papier, karton, glas, metaal en plastiek op die mark. Nie alle plastiekbottels is van dieselfde materiaal gemaak nie, en dit kan daarom nie saam herwin word nie. 'n Groot voorvereiste is dat die produkte droog en "skoon" moet wees.

Maar ook **organiese produkte** soos tuinafval, skille, groente-afval, ens., kan weer tot kompos herwin word. Weer eens moet dit geskei wees van ander nie-organiese materiale.

'n Ander kritiese deel is die herwinning van **water**. Suid-Afrika is 'n waterskaars land. Riolwater word "herwin" vir hergebruik. Dis noodsaaklik om sodoende genoeg water vir die bevolking van die land te hê.

Ja, waar sal 'n mens begin? By die verbruiker? Of by die vervaardiger? Of is dit die regering se verantwoordelikheid? En as die verbruiker wil herwin en die munisipaliteit sorg nie vir herwinningsaanlegte nie? Of andersom, die herwinningsaanlegte is daar, maar niemand maak gebruik daarvan nie?

Kom ons neem 'n alledaagse voorbeeld: 'n houertjie jogurt vir ontbyt. Die houertjie kan net so in die asblik gegooi word, saam met al die ander afval van die dag: 'n piesangskil, 'n glasbotteltjie of twee, die klaargeleesde koerant, aartappelskille, leë kartonhouers, hoenderbeentjies... Hierdie mengsel van afvalstowwe word aan die einde van die week weggery, so maklik soos dit. Geen ekstra moeite nie.

**Of** hierdie leë jogurthouertjie kan deur jou uitgespoel word en in die regte houer -wat jy self daarvoor aangeskaf het - by die res van sy soort gegooi word. Die skoonmaak van 'n item wat jy nie weer gaan gebruik nie, kos ekstra moeite en tyd. Die ekstra houer langs die groot asblik is ook ekstra moeite, geld en tyd. Asof hierdie jogurt-

houertjie jou nie al genoeg moeite op die hals gehaal het nie, sal jy self moet sorg dat die houer aan die einde van die week leeggemaak word. En dit eers nadat jy 'n geskikte herwinningsaanleg vir plastiekafval gevind het. Die kans is skraal dat daar so-iets in jou onmiddellike omgewing bestaan. Dis baie makliker om die ou jogurthouertjie net weg te gooi. Selfs vir 50 jogurthouertjies klink al bogenoemde na te veel moeite.

U sal seker saamstem dat herwinning 'n sisteem behoort te wees waar alle betrokkenes in die waardeketting 'n rol moet speel.

In die praktyk blyk dit dat die eindverantwoordelikheid om afval te skei, by die eindverbruiker rus. Die probleem is dat die koste van herwinning duurder is as die ontginning van nuwe materiale. Maar indien meer mense huishoudelike afval skei, sodat skoon droë afval beskikbaar is, sal herwinning meer koste-effektief wees as die ontginning van rou materiaal.

Herwinning is eintlik 'n reaktiewe aksie. Die pro-aktiewe aksies in die verbruikersketting is produkontwerp, vervaardiging, verpakking, bemarking en eindverbruikersaankope. Hierdie aksies kan voorkom dat ons te veel afval in ons huise indra. Dit is so dat daar deesdae meer klem gelê word op produkontwerp en materiaalgebruik met die doel om 'n laer negatiewe omgewingsimpak te bereik. Maar daarteenoor staan die mark, die gesamentlike vraag na produkte, die druk van die individu wat die hoogste kwaliteit van lewe en gemaksug nastreef. 'n Groot gedeelte van die mensdom wat in sterker ekonomieë werkzaam is, koop en verbruik sonder om na te dink oor die gevolge van die mark wat hulle skep. 'n Tipiese voorbeeld is die hoeveelheid koeldrank en waterhouers wat verbruik word. Indien ons uitgaan van een plastiekbottel per dag per persoon in Suid-Afrika, sal die

jaarlikse platgemaakte afval wat 1 meter hoog gestapel is, 83 rugbyvelde beslaan.

***Daarom moet ons maar aanvaar dat dit nog lank gaan neem (indien dit ooit gaan gebeur) dat die vraag van die verbruikers, m.a.w. die mark, as verantwoordelik beskou kan word. Selfs dan sal die taak om te herwin ook nog bestaan.***

Omdat die vervaardigings- en bemarkingsbedryf gedryf word deur ekonomiese kragte en markaanvraag, is die hoop op 'n herwinningsbewustheid dus hoofsaaklik gevestig op die **verbruiker en plaaslike regeringsaksies**. Die verantwoordelike eindgebruiker sal moet inspring en moeite doen met elke verbruiksartikel wat sy/haar hande verlaat. Herwinning is 'n Christelike opdrag en begin in die huis. Ouers moet sober lewe en suinig wees by die aankoop van produkte wat vermorsing gaan beteken. Koop verpakings wat herwin kan word.

Gee vir die kinders die ou koeldrankbotteltjie skool toe en spoel maar die glasbottels uit om in die glashouer naby u te gaan weggooi. En al daardie skille en appelstronke maak lekker kompos.

Dit verg moeite om uit te vind waar al die herwinningsmateriaal afgelaai kan word, maar dis nodig om veral ons kinders se aandag te vestig op die bewaring en onderhouding van die skepping van God. En ons opdrag daarin.

In die **natuur** word niks vermors nie. Elke afvalprodukt van dier of plant is weer nuttig vir die volgende dier of plant. Die ekologiese ketting.

Maar waar die mens besig is, is dit 'n ander storie. Die mens skep nie net stowwe wat nutteloos is nie, maar rig selfs onmeetbare skade aan die natuur en omgewing aan.



### Waar begin ek?

- Probeer om, waar moontlik, nie "rommel" te koop nie. Gebruik jou eie houers as jy kan en koop dinge soos koeldrank in bottels wat weer ingelewer kan word.

- Skei jou afval. Hou die glas, papier, plastiek en metale apart van mekaar en neem dit na versamelpunte of herwinningsdepots. Hierdie projekte kan saam aangepak word by skole - die "Ronnie bin" en "Collect-a can" is voorbeelde hiervan.

- Moedig jou skool aan om aan herwinningsbedrywighede deel te neem.

- Hoor by jou winkelbestuurder vir watter bottels hy jou sal betaal en neem dit soontoe.

- Koop produkte wat van herbenutte stowwe gemaak is.

Daar is reeds vele suksesvolle herwinningsprojekte in Suid-Afrika. Nie net vir sekere produkte soos papier, blikkies, kompos, ens. nie, maar ook in dorpe soos Hermanus, waar die herwinning reeds tot in die huis aangevat is. Die munisipaliteit laai die materiaal in verskillende sakke by die huise op en neem dit na die herwinningsterrein waar alles op die regte plekke te lande kom. Die geheim van herwinning lê in die gewillige samewerking van verskeie rolspelers, bv. die plaaslike munisipaliteit en die verbruiker. Dit sal wonderlik wees as ons op plaaslike vlak so-iets kan vermag. En soos reeds genoem, 'n skool of kerkgemeenskap met 'n munisipale verteenwoordiger in hulle midde is 'n wonderlike wegspringplek!

# “BID, SODAT JULLE GESOND WORD”

Ds Erik van Alten

## ELDERS GELEES

Gebed is een van die belangrikste elemente van ons geloof. Die meeste van ons is verskeie kere per dag in gebed – sowel in ons binnekamer as saam met die gesin aan die etenstafel; ons open alle kerklike vergaderings met gebed; en in ons eredienste vervul die gebede ‘n groot rol. Maar met al hierdie “gebid” kan die vraag gestel word: hoekom? Watter funksie vervul die gebed vir ons?

Ek laat u saamlees aan ‘n artikel uit die *Beeld* van 5 Desember 2006, waarvan die opskrif ook bo-aan hierdie artikel staan. Hierin sien ons hoe die wêreld (en talle kerklike groeperings) die waarde van gebed takseer:

*Daar is klaarblyklik groot krag in gebed, soos wat omvattende studies in die VSA toon.*

*Dié studies wys dat siek mense vir wie daar gebedsgroepe gestig is, ‘n beter kans gehad het om gesond of beter te word as dié vir wie daar nie gebid is nie. ‘n Groep van 393 hartpasiënte in een*

*van die VSA se grootste akademiese hospitale is in twee*

*verdeel. Gebedsgroepe is vir die een helfte georganiseer, maar nie vir die ander nie. Dié vir wie daar gebid is, het tien maande later vyf keer minder antibiotika benodig en ‘n 2½ keer kleiner kans gehad om hartaanvalle te kry. Die ander groep het steeds ‘n hoë risiko vir hartaanvalle gehad.*

*In ‘n ander studie is bevind dat Christene wat gereeld bid, minder aan stres en stresverwante siektes gely het.*

*Wetenskaplikes en dokters glo nou gebed het ‘n positiewe uitwerking op siek mense. Van die studies het getoon dat gebed ‘n positiewe uitwerking het op die verlagings van*

*hoë bloeddruk, genesing van ernstige wonde, hoofpyne, angs en hartsiektes. Dié wat diep gelowig is en gereeld bid, kon ook ‘n chroniese siekte soos borskanker makliker hanteer. Hulle is ook geneig om minder depressief te wees en het ‘n sterker immuniteitstelsel.*

*Gereelde kerkbesoek en ‘n langer, gesonder lewe gaan ook hand aan hand, het ‘n studie wat onder 6 545 Kaliforniërs gedoen is, getoon.*

*Weeklikse kerkgangers het ‘n beduidende laer risiko gehad om skielik te sterf as diegene wat selde indien ooit ‘n kerkdiens bywoon, het navorsers by die menslike bevolkingslaboratorium van die openbare gesondheidsinstituut, die Kaliforniese gesondheidsdepartement en die Universiteit van Kalifornië se Berkeley-kampus gesê.*

*Daarteenoor het dié wat minder as een keer per week of nooit in die kerk gekom het nie, ‘n 21% kans gehad het om aan sirkulasie- of ander hartsiektes te sterf.*

*Een van die navorsers, dr Doug Oman van die Universiteit van Kalifornië se Berkeley-kampus, het gesê die feit dat die*

*sterfterisiko vir dié wat elke week kerkdienste bygewoon het, aansienlik verminder het, dui daarop dat die medici ook na psigologiese faktore moet kyk vir antwoorde.*

*“Miskien ervaar gereelde kerkgangers ‘n groter bewustheid van innerlike vrede, omdat hulle hul na godsdienstige praktyke wend om stresvolle gebeurtenisse te verwerk,” sê hy.*

*In Suid-Afrika het ‘n studie wat in 1997 onder hospitaalpasiënte in Gauteng gedoen is, getoon dat 77% dit sou waardeur as hul dokters ook hul geestelike behoeftes in aanmerking sou neem.*

*Sedert 1991 is daar wêreldwyd verskeie studies gedoen om die uitwerking van ‘n gesonde geestelike lewe op die liggaam se gesondheid vas te stel. Daar is veral op kanker, asemhaling- en hartsiektes gefokus. Die meeste studies vergelyk individue wat gelowig is en diegene wat nie is nie. Daar is bevind dat gelowiges of mense met ‘n sterk godsdienstige lewenswyse in die algemeen langer leef as dié wat nie gelowiges is nie. Dié uitwerking is in mans en vroue van verskillende ouderdomme, geloofs- en etniese groepe waargeneem. Een van die redes waarom spirituele en gelowige mense neig om gesonder te wees, is dalk omdat geloofsgroepe ‘n gesonde lewenstyl onder hul lede aanmoedig, meen dr Pieter Fourie, ‘n plaaslike algemene praktisyn.*

*“Kyk byvoorbeeld na lede van die Sewendedagadventiste-kerk. Hulle is uitsonderlik gesond omdat hul kerk hulle verbied om alkohol te gebruik, varkveis te eet of te rook.” Hy noem ‘n Nederlandse studie as bewys. “In dié studie, wat oor ‘n tydperk van tien jaar onder lede van dié kerk in Nederland gedoen is, het navorsers bevind dat Adventistemans sowat 8,9 jaar langer geleef het as die land se nasionale gemiddelde en die vroue minstens 3,6 jaar langer. Vir albei groepe het die kans om aan kanker of ‘n hartkwaal te sterf – as dit met die nasionale gemiddelde vergelyk word – onderskeidelik met 60% en 66% afgeneem,” sê hy.*

*Maar ‘n aktiewe geloofslewe se gesondheidsvoordele spruit nie net uit ‘n gesonde leefstyl nie. Baie navorsers meen sekere oortuigings, denkwyses en praktyke beïnvloed ‘n mens se gesondheid ook. Kwaliteite soos geloof, hoop en vergewensgesindheid en die*

## Beeld

*van die Universiteit van Kalifornië se Berkeley-kampus, het gesê die feit dat die*

*sterfterisiko vir dié wat elke week kerkdienste bygewoon het, aansienlik verminder het, dui daarop dat die medici ook na psigologiese faktore moet kyk vir antwoorde.*

*“Miskien ervaar gereelde kerkgangers ‘n groter bewustheid van innerlike vrede, omdat hulle hul na godsdienstige praktyke wend om stresvolle gebeurtenisse te verwerk,” sê hy.*

*In Suid-Afrika het ‘n studie wat in 1997 onder hospitaalpasiënte in Gauteng gedoen is, getoon dat 77% dit sou waardeur as hul dokters ook hul geestelike behoeftes in aanmerking sou neem.*

*gebruik van sosiale ondersteuning en gebed het 'n besliste uitwerking op gesondheid en genesing.*

*'n Mens se sterk geloofsoortuigings beïnvloed beslis sy of haar gesondheid. Sonder hoop raak die meeste mense depressief en skep só 'n teelaarde vir siektes.*

*'n Studie wat oor 35 jaar onder Britse universiteitstudente gedoen is, het getoon die meer optimistiese studente het langer geleef en minder siektes opgedoen.*

*“Die daad om jouself in kontak met die teenwoordigheid van 'n hoër mag te bring, word reeds eeue lank deur alle kulture wêreldwyd beoefen as 'n manier om genesing te bewerkstellig,” sê dr. Lorinda Matthysen, 'n kliniese sielkundige. “Die genesende krag van gebed word tans wyd aanvaar en selfs medici erken dat hulle soms self vir 'n pasiënt bid.”*

*Die studies het ook onder meer bevind dat gebed dieselfde veranderinge in die liggaam veroorsaak as meditasie, deur die hartklop- en asemhalingspoed te verminder, bloeddruk te verlaag en breïngolwe minder aktief te maak.*

*Fourie noem ook 'n verslag van 1996 waarin 150 Suid-Afrikaanse dokters landwyd ondervra is. “Die helfte van dié dokters het aangedui dat hulle glo gebed help hul pasiënte en 67% het erken dat hulle al self vir ernstige siek pasiënte gebid het.”*

*'n Ander studie onder 232 ouer Suid-Afrikaanse pasiënte wat ernstige operasies ondergaan het, het getoon diegene wat sterk geloofsoortuigings gehad het en minstens een keer per dag ernstig gebid het, ses maande later baie beter herstel het as dié wat agnosties was.*

Die feite wat in hierdie artikel na vore kom, is natuurlik besonder

interessante leesstof. En dit bevestig maar net wat die kerk alreeds eeue lank aan die (mediese) wêreld probeer sê, naamlik dat geloof en gebed **heilsaam** is, dat dit vernuwend werk in die lewens van mense.

En tog is daar iets ontstellends in hierdie artikel.

Gebed het hier 'n navorsingsonderwerp geword, en die uitslag van die navorsing wys dat gebed “werk” (miskien selfs in weerwil van die hipotese van die navorser). Gebed

het die nuutste wonder-medikasie op die mark geword! En dankie tog, die (mediese) wêreld het sy goedkeuringstempel daarop geplaas... Maar is dít die rede waarom gelowiges deur alle eeue heen en tot vandag toe nog op hulle knieë gaan, hulle hande vou, en hulle oë toemaak? Is gebed 'n wondermiddel waarmee enige probleem opgelos kan word?

Ons belydenis leer ons anders... In antwoord 116 van die Heidelbergse Kategismus bely ons dat gebed “die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis.” Gebed is dus óns daad van dankbaarheid teenoor God vir die verlossing wat Hy in ons lewens bewerk het.

Hieruit blyk dat gebed nie 'n handvat is waarmee God beweeg kan word, en waarvan die resultate meetbaar is nie. Gebed het nie die doel om Gód in beweging te bring nie. Inteendeel, gebed is óns beweging na God toe; gebed is “soos die geur van wierookbrande” (Ps. 141:2, berym) wat opstyg tot voor die aangesig van God. Nadat



God Homself beweeg het tot ons verlossing – in besonder aan die kruis op Golgota – is gebed nou ons beweging na Hom toe. In ons gebede antwoord ons op God se reddende Woord tot ons. En daarmee kom die kommunikasie tussen God en mens, wat by die skepping bestaan het en tydens die sondeval versteur is, weer op gang. Gebed is uiteindelik die mees intieme omgang met die God van ons lewe!

Die toetse en statistieke wat in bogenoemde artikel na vore kom, kan baie maklik by mense die indruk wek dat

gebed – naas bestraling en chemoterapie, naas hartomleidings en rewolusionêre medikasie – 'n baie kragtige middel teen siekte is. Hoe “empiries” hierdie navorsing ook al mag wees, die praktyk bewys egter dat God nie altyd ons gebede verhoor soos wat ons dit van Hom vra nie. Ons ken almal mense vir wie opreg en intens gebid is, maar wat tog deur die Here uit hierdie lewe weggeneem is – en dikwels gouer as wat ons verwag het. Ons troos is daarom ook nie dat ons gebede so kragtig is nie, maar ons troos is dat ons, deur gebed en smeking, al ons begeertes by God bekend kan maak. En dan mag ons weet dat die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, ons harte en sinne sal bewaar in Christus Jesus (Fil. 4:6-7). Miskien ontvang ons glad nie eens gesondheid, herstel, of oplossings vir ons probleme nie, maar ons ontvang die vrede van God! Gebed is die egte vredesgesprek! Laat ons dit op dié manier gebruik.

# Boekenuus

VERSKEIE PUBLIKASIES UITGEGEE DEUR  
PRO ECCLESIA PUBLISHERS IN WES-AUSTRALIË  
IS NOU IN VOORRAAD.

- **Van Rongen, G: Be wise. Outlines on Proverbs**  
(88 bladsye – R 75)
- **Van Rongen, G: Free access to heaven. A study guide on Hebrews**  
(70 bladsye – R 55)
- **Van Dam, C: Perspectives on worship, law and faith. The Old Testament speaks today**  
(111 bladsye – R70)
- **Smelik, J: A mirror of the manifold wisdom of God. Outlines on the Letter to the Ephesians**  
(44 bladsye – R47)
- **There was no king in Israel. Outlines on the Book of Judges**  
(83 bladsye – R87)
- **Van Rietschoten, J & W Boessenkool: A Focus on the Covenant**  
(23 bladsye – R35)
- **Bouman, C: Notes on the Canons of Dort**  
(A<sub>4</sub>grootte met ringband. 114 bladsye – R 120)
- **Van Delden, A: Lest any man should boast. The Canons of Dort simply explained**  
(353 bladsye – R 340)
- **Veldman, A: A living member.**  
Three sermons: 1 Peter 2:4,5; Romans 2:1,20; 1Cor 12:11-13,27  
(33 bladsye – R20)
- **Book of Praise**  
Psalmboek wat deur ons susterkerke in Australië en Kanada gebruik word. Dit bevat die Psalms & Hymns, kerkorde, liturgiese formuliere en gebede. (R 250)

## BYBELS BESKIKBAAR

- **Sakbybel: Afrikaans 1953-vertaling. Ligbruin sagteband.**  
(R 99; Met ritssluiters – R 125)
- **Nederlandse Bybel.**  
("ou vertaling" R 135)
- **Bybel: Afrikaans 1953-vertaling**  
Standaard grootte – R54  
Medium grootte – R75  
Medium met duimdruk – R97; nuwe voorraad – R122  
Grootdruk – R80  
Medium Bruin leer met duimdruk – R370
- **Holy Bible: New International Version / King James Version**  
Standaard grootte – R54
- **Psalmboekoortreksels (kunsleer in verskeie kleure)**  
(R 30)



## FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: [folmerboek@telkomsa.net](mailto:folmerboek@telkomsa.net)

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

Folmer Boekhandel  
(Pretoria)  
(Irene van der Meer)  
Laseandralaan 115  
0186 Mōregloed  
Tel/Faks: (012) 333 8064  
e-pos:  
[freekvd@mweb.co.za](mailto:freekvd@mweb.co.za)  
Posbus 26489  
0031 Gezina

# GEREFORMEERD OF EVANGELIES / CHARISMATIES (1)

Prof Hans Boon

## BOEKBESPREKING

Hoe beleef ek my geloof? Is my persoonlike ervaring en gevoel deel van my diens aan God? Of is my diens aan God slegs iets wat ek met my verstand doen? Wat is my standpunt: die Bybelse standpunt of dié van die evangelicals en die charismatiese bewegings? Op hierdie vrae gee 'n onlangse boekie van dr HJCCJ Wilschut vanuit die Bybel antwoorde (sien verwysing onderaan). Dis 'n boekie van slegs 80 bladsye en is geskryf in eenvoudige Nederlands. Ek gaan probeer om 'n oorsig te gee.

### Gereformeerd teenoor Evangelicals

Wat is dit om **gereformeerd** te wees? Die kern is die Bybelse leer en die gereformeerde belydenisboeke. Die Evangelie is sentraal asook die vrye genade. Regverdiging deur die geloof alleen. God gee sy genade in Christus sonder voorwaardes. Doop en nagmaal is tekens van die belofte en verseëling daarvan deur God. Die struktuur waarbinne dit plaasvind is die verbond.

**Evangelicals** sluit in baie charismatiese bewegings, soos bv. Evangeliese kerke, ou en nuwe apostoliese kerke, sommige NG kerke, mosaïekkerke, ens. Hulle het hul oorsprong in die 18e en 19e eeu by die opwekkingsbewegings in Engeland en Amerika. Dit het te doen met die opkoms van die metodisme. 'n Paar kenmerke:

- Evangelicals neem afstand van die moderne Skrifkritiek. Hulle wil Bybel-fundamenteel wees en aanvaar die Bybel soos dit is. Die Bybel is die foutlose Woord van God.

- Alle aandag van die evangelicals lê by die gelowige en vroom individu, die enkeling voor God.
- Vanuit die individualistiese siening is die evangelicals nie bekend met die verbond van God nie.

### Teenstellings

Die drie *sola*'s van die Reformasie, nl. *Sola Scriptura* (die Bybel alleen), *Sola Fide* (die geloof alleen) en *Sola Gratia* (die genade alleen) is vir die evangelicals 'n probleem. Die werk van die Heilige Gees funksioneer min of meer selfstandig ten opsigte van die Woord van God. Die "second blessing" is 'n ervaring wat die Gees vir die gevorderdes in die geloof gee. Die Bybel alleen, geloof alleen en genade alleen gee nie aan die mens noodwendig saligheid nie.

Die gereformeerde belydenis hou egter by die harmonie en ewig van die Bybel. Die Gees is Werkmeester van die geloof deur die Woord. Hy rig alle aandag op God en nie op die mens nie.

Die groot aandag wat die evangelicals vir die werk van die Heilige Gees het - wat in jou hart werk en dan is jy wedergebore - is onewewigtig. Geloofsgroei is nie so belangrik nie. Daar is 'n reglynige vordering in heiliging wat kom van die Heilige Gees. Die noue samehang van die verbond en verkiesing word nie geken nie. Die evangelicals gaan uit van 'n algemene versoening vir alle mense. As jy as mens maar die keuse maak, is alles reg. Die mens is dus die beslissende faktor. Die doop is daarom nie

God se verseëling van sy genade nie. Dit is die gevolg van my geloof. As gevolg van hierdie misopvattinge en dwaling is die kerk as liggaam van Christus nie belangrik nie. Dis individue wat bymekaar kom.

### Omgang met die Bybel

Die vraag is nou: waarvandaan kom die verskille tussen die gereformeerdes en die evangelicals? Omgang met die Bybel! Vir die evangelicals is die Bybel absoluut foutloos. Dit word "inerrancy" genoem. Die gereformeerdes bely dat die Bybel die Woord van God is, maar dat daar met die oorskryf van die Bybel foute gemaak is. Die Bybel is die Boek van die Gees wat die gedagtes aan die outeurs wat dit geskryf het, gegee het. Nie net in die verre verlede nie, maar ook nou werk die Heilige Gees nog deur die Woord van God. Lees die Bybel elke dag en bid elke dag! Die evangelicals is spiritueel ingestel: die Gees in hulle hart. Gereformeerdes en evangelicals lees dieselfde Bybel.

Tog is daar 'n groot verskil. Gereformeerdes leef by die BybelTAAL, evangelicals by die BybelWOORD. Die ekstreme daarvan vind 'n mens by die adventiste wat met behulp van Bybeltekste aan die getalle, bv. in Daniël en Openbaring, spesiale betekenis heg met die oog op die wederkoms van Christus. Profesieë word gedevalueer tot voorspellings. Om so met die Bybel om te gaan, degradeer die mens die Woord van God. Die letterlike woord word belangrik geag en nie die geestelike dimensie nie.



## Die Bybel is die boek van God se verbond

Die eenheid van die Bybel, nl. die Ou en die Nuwe Testament, is vir gereformeerdes belangrik. Vir die evangelicals is die Ou en die Nuwe Testament twee boeke. Die Ou Testament vertel die geskiedenis van die aardse Israel. Die Nuwe Testament is vir die geestelike mens. Dit gaan veral om jou binneste: om jou hart.

Die gereformeerdes bely dat die hele Bybel sentreer om die Here Jesus Christus. Die God van die Ou Testament is dieselfde as die God van die Nuwe Testament. Abraham is nie maar net 'n liggaamlike vader van baie mense nie, maar hy is ook die geestelike vader van al die gelowiges!

## Verbond en doop

Tussen die geformeerdes en die evangelicals en by name die baptiste is daar wat dit betref 'n groot verskil. Dit gaan nie net daaroor of jy klein of groot is as jy gedoop word nie. Hier moet gereformeerdes versigtig wees. Deur die verskil uit te wys, beteken nie dat daar by die evangelicals nie Christene in die kerk is nie. Dis net jammer dat hulle deur 'n ander bril na die doop kyk. Dit gaan oor die doop van die vroom Christen. Eers moet jy bewys dat jy 'n Christen is en dan word jy gedoop. Die Heidelbergse Kategismus leer ons om te kyk na die versekering en verseëling van God se kant. Eers God se beloftes en dan die mens se gehoorsaamheid en antwoord daarop.

'n Mens moet toegee dat daar in die Bybel nie eksplisiet staan dat kinders gedoop moet word nie, soos wat die Bybel dit ook nie verbied nie. Ons moet kyk na die hele Bybel, en dan leer die besnydenis ons tog heelwat oor jong kinders. Hoe arm is 'n jongmens in die Baptistekerk, as hy/sy al die tyd in sy/haar jong lewe moet werk aan sy/haar twyfelagtige geloof dat dit tog eenmaal in sy/haar hart mag

vestig, sodat hy/sy dan gedoop mag word as hy/sy groot is. Gereformeerde kinders en jongmense hoort mos by die kerk. Hulle is deel van God se genade en sy beloftes. Die kerk is die gemeenskap van gedooptes. Kom ons stel die teenstelling so voor:

Evangelie:	↗	reaksie van die mens → geloof → volwasse doop
	↘	aksie van God → doop → lewe uit dankbaarheid

## Die uitverkiesing van God

Daar is nogal 'n ingrypende verskil tussen gereformeerdes en evangelicals oor die siening van hierdie saak. By die evangelicals is daar nie plek vir die uitverkiesingsleer nie. Die uitverkiesing van God word afgewys. Alistair McGrath probeer in sy boek "Christelike Teologie" iets sê oor die uitverkiesing: Dit is een van die mees raaiselagtige en verwarrende leerstukke van die Christelike teologie, sê hy. Gereformeerdes prys God egter vir die uitverkiesing (Ef. 1). Gereformeerdes is baie bly en dankbaar daarmee. Natuurlik is daar oor die leer van die uitverkiesing slaggate:

- Dit moet nie vir ons te abstrak wees nie. Dit kom van die Here wat nie 'n willekeurige God is nie, maar 'n God van liefde.
- Ons kan nooit van die uitverkiesingsleer 'n logiese sisteem maak nie. Die logiese verstaan van die uitverkiesing lê buite ons verstand se grense en begrip.
- Die laaste slaggat is dié van nuuskierigheid. Waarom word sommige wel en ander nie uitverkies nie? Ons wil God eintlik kontroleer.

## Uitverkiesing en verwerping

Die twee is een. Lees gerus die Dordtse Leerreels, hoofstuk 1. Alle mense het in Adam gesondig,

MAAR God is liefde. Hy red sommige uit liefde. Hy roep tot bekering. Glo jy nie in die Evangelie nie, dan is dit nie God se skuld nie, maar jou eie. Dan bly God se toorn op jou. Dan verhard jy in die ongelooft. Uitverkiesing is God se onveranderlike voorneme van voor

die skepping van die hemel en die aarde. Is dit nie wonderlik nie!! Niemand van ons as mense wat in sonde ontvang en gebore word, het 'n reg op God se liefde en genade nie.

Hoe weet ons as kinders van God dat ons uitverkies is? Dit kom uit in jou geloofspraktyk. Die sekerheid van die uitverkiesing lê in die doop, ons daaglikse bekering en diens aan die Here. Soms val ons, maar met God se hulp kan ons weer staan. Die Bybel is ons riglyn. Glo in God en jy sal gered word, jy en jou huis (Hand. 16:31). God werk die vrugte van die uitverkiesing in ons en ons mag dit in onself raaksien.

In die uitverkiesing is daar geen lydelikheid of passiwiteit nie. Ons word deur God se genade aktief ingeskakel by God se uitverkiesingsplan. Kinders van Hom wat doelbewus en aanhoudend afdwaal, verwerp God.

'n Laaste opmerklike punt van verskil gaan oor die werk van die Heilige Gees. Daarvoor sal in 'n opvolgartikel geskryf word.

Wilschut, HJCCJ. *Aan de belofte genoeg?! Gereformerd teenover evangelisch/charismatisch*. Woord en Wereld, 2007.

# DIE GROENES IN DIE WÊRELDPOLITIEK

Willie Spies

## POLITIEK

‘n Baie interessante verskynsel in die wêreldpolitiek is die opkoms van die Groen beweging.

Wêreldwyd word Groenes dikwels as klein, linkse drukgroep-tipe politieke partye beskou, maar hulle invloed strek dikwels veel wyer as die beperkte getalle van hulle steunbasisse.

Selfs die Britse Konserwatiewe Party het tydens die pas afgelope plaaslike verkiesings sy tradisionele embleem van ‘n brandende fakkel verruil vir ‘n skets van ‘n boompie, met die leuse *vote Blue-go Green*. Die verkiesing het groot sukses vir die Tories opgelewer.

Daar kan verwag word dat die toenemende vrese oor aardverwarming en die invloed daarvan op die omgewing en die nadelige gevolge van globalisering op kleiner nasies en armer bevolkings die Groen beweging nog meer stukrag in wêreldpolitiek kan gee.

Maar waarvoor staan Groen partye en watter lesse kan ons leer uit die rol wat hulle in die politiek speel?

### Geskiedenis

In Maart 1972 is die wêreld se eerste Groen party, die *United Tasmania Group*, in Hobart, Australië gestig. Terselfdertyd is sogenaamde Groen partye ook in Kanada en Nieu-Seeland gestig, terwyl die eerste Groen party in Europa, die *Ecology Party*, in 1973 in Brittanje gestig is.

Die wêreld se eerste werklik suksesvolle Groen party was die Duitse *Grünen*. Dié party het veral steun verwerf weens sy teenkating teen kernkrag in Duitsland, besoedeling

in Duitsland en sekere aksies deur NAVO. In die *Bundestag*-verkiesing van 1983 het die *Grünen* 27 setels verower. Die Duitse Groenes het die sogenaamde Vier Pilare van die Groen Party aanvaar. Hierdie vier sake sou later die kernbeginsels van Groen partye wêreldwyd raak.

In Finland het die *Green League* die eerste Europese Groen party geword om in ‘n kabinet opgeneem te word. Duitsland het gevolg met die sogenaamde Rooi-Groen koalisie van die Duitse Groenes, met die Sosiaal Demokrate van die destydse kanselier Gerhard Schröder vanaf 1998 tot 2005. In 2001 het die koalisieregering van Duitsland ooreenstemming bereik teen toekomstige afhanklikheid van kernkrag in Duitsland in ruil vir die Groenes se steun aan Schröder se planne om die VSA se inval in Afganistan te steun. Hierdie steun van die Groenes vir die Duitse deelname aan die oorlog het hulle natuurlik in stryd gebring met een van hulle vier kernbeginsels van nie-geweldadigheid, maar die teenprestasie, naamlik die uitfasering van kernkrag in Duitsland, word vandag nog beskou as een van die mees ingrypende suksesse van Groen politiek in die wêreld.

### Beginsel-uitgangspunte

Die vier pilare van Groen politiek is ekologie, sosiale geregtigheid, grondvlak of deelnemende demokrasie, en nie-geweldadigheid.

*Ekologie* as ‘n uitgangspunt van Groen partye behels ‘n soeke na maniere waarop die negatiewe impak van die menslike beskawing op die natuurlike omgewing, die biosfeer en die planeet, teengewerk kan word. Dit streef ook na die

vind van alternatiewe wat ‘n harmoneuse saambestaan tussen die verskillende lewensvorme van die aarde kan verseker. Groen partye sal dus gewoonlik op die voorpunt wees van veldtogte teen die gebruik van kernkrag en vir die gebruik van alternatiewe hernubare vorms van energie. Hierdie aspek van die Groenes se denke oorheers dikwels hulle veldtogte, maar Groen partye beskou ook die ander pilare van hulle denke as noodsaaklike vereistes in die politiek wat hulle bedryf.

*Sosiale geregtigheid* behels die algemene verwerping van diskriminasie gebaseer op klas, geslag, ras, etnisiteit of kultuur. Groen partye is dus wêreldwyd egalitaristies, met as uitgangspunt dat ongelykhede in welvaart of invloed gewoonlik die gevolg is van gebrekkige maatskaplike instellings wat uitbuiting van die armes en kwesbares teenwerk.

*Grondvlak demokrasie* of deelnemende demokrasie word deur die Groenes gesien as die enigste betroubare vorm van regering waardeur maatskaplike verandering bewerkstellig kan word en sosiale geregtigheid moontlik raak. Groenes verwerp die tradisionele siening dat ‘n “partyleier” prominent moet wees en verkies ‘n stelsel waarin die partyleier bloot as ‘n sameroeper moet optree van ‘n gedesentraliseerde, lede-gedrewe organisasie.

Groen partye *verwerp geweld* as ‘n middel om opponente te oorwin. In dié verband steun die Groen beweging op die ideologieë van Mohandas Ghandi wat van die uitgangspunt uitgaan dat geweld net verdere geweld in die hand werk en dat samewerking met diegene wat geweld pleeg, nie moontlik is nie.

In 2001 het 'n wêreldwye konferensie van Groen partye in Canberra, Australië die sogenaamde [Global Greens Charter](#) aanvaar waarin ses kernbeginsels van Groen partye vasgestel is. Behalwe vir bogenoemde vier "pilare" is twee bykomende beginsels bygevoeg, naamlik volhoubare ontwikkeling en respek vir diversiteit.

*Volhoubare ontwikkeling* behels 'n benadering tot ontwikkeling wat fokus op vervulling van heden-daagse behoeftes op 'n wyse wat rekening hou met die behoeftes van toekomstige geslagte. Volhoubaarheid hou dus verband met die voortgang van ekonomiese, maatskaplike, institusionele en omgewingsaspekte van die menslike samelewing sowel as van die nie-menslike omgewing.

*Respek vir diversiteit:* Hierdie uitgangspunt spruit uit die Groenes se fokus op die belang van biodiversiteit wat ook inslag vind in hulle filosofie ten opsigte van die menslike samelewing. Onder die hofie respek vir diversiteit tel gewoonlik 'n wye verskeidenheid van benaderings wat enersyds 'n fokus op etniese verskeidenheid en die beskerming van minderheidsregte behels, maar andersyds ook weer 'n waardevolle instrument aan gay-regte groepe bied waarmee hulle op groter regserkenning aanspraak maak.

## Suid-Afrika

In Suid-Afrika was daar wel in die verkiesing van 1994 'n Groen Party wat sonder sukses aan die verkiesing vir die Wes-Kaapse provinsiale wetgewer deelgeneem het. Die party het weer eens in 1999 aan die nasionale verkiesing deelgeneem en slegs 9 000 stemme landwyd gekry. Alhoewel die Groenes dus nog nie veel sukses in die Suid-Afrikaanse verkiesingspolitiek behaal het nie, het hulle idees nietemin sterk neerslag gevind in die Suid-Afrikaanse politiek.

Suid-Afrika het redelik progressiewe omgewingswetgewing aanvaar wat, indien dit reg toegepas word, menige omgewingsaktivis breed sal laat glimlag. Kommer bestaan egter oor die vermoë van die administrasie om die wette werklik voordelig vir die omgewing toe te pas en uit te voer.

Ten spyte van die algemeen aanvaarde siening van Groenes as "links", maak hulle gedagterigtings rondom sosiale geregtigheid deur grondvlak demokrasie en gemeenskaps-ekonomieë hulle idees baie aantreklik vir minderheidsregte-aktiviste. Spore van groen denke kan dus selfs gevind word in beleidsrigtings van partye soos die Vryheidsfront Plus en in ekonomiese modelle van gemeenskappe soos Orania.

'n Party soos die Onafhanklike Demokrate is ook bekend vir sy uitgesproke groen standpunte oor die gebruik van kernkrag en 'n voorkeur vir die gebruik van hernubare energie.

## Beginsels op die keper beskou

Die beginsels van ekologie en volhoubaarheid, deelnemende demokrasie, sosiale geregtigheid, nie-geweldadigheid en respek vir diversiteit is op die oog af lofwaardig. Al hierdie beginsels sal ook onder Christelike politieke partye gevind word. Die vraag is egter hoe ver die beginsels geneem word.

Wat deelnemende of grondvlak demokrasie betref, verskil die uitgangspunt nie veel van die gereformeerde beginsel dat besluite so ver moontlik op die laagste vlak geneem moet word nie. Ook in die kerkreg is die beginsel dat die plaaslike gemeente volledig kerk is en as sulks self behoort te besluit oor kerkregering.

Sosiale geregtigheid of egalitarisme kan ook in Christelike terme verde-

dig word. Die mens as skepsel na God se beeld is in die Christelike tradisie geregtig op waardige en gelyke behandeling voor die reg. Hierdie beginsel word egter dikwels tot uiterste konsekwensies toegepas en behels in baie gevalle die gelyke behandeling van *gays*, wettiging van dieselfde geslag huwelike en die wettiging van aannemings van kinders deur gay "egpare". In die naam van sosiale geregtigheid word dikwels ook kritiek uitgespreek op kerke se standpunte oor vroue in die amp.

Christene behoort ook ekologie en volhoubaarheid ernstig op te neem. God het immers sy kinders aangesel om te heers oor die skepping en as rentmeesters van die aarde op te tree. Die gevaar bestaan egter dat die ekologie en omgewing verhef word tot die allesbepalende faktor en dat God nie meer sentraal staan nie, maar die aarde en die omgewing.

Dit is waarskynlik hierin waar die kernverskil tussen die politiek van sogenaamde Groen partye en bewegings en dié van Christelike partye en bewegings lê, naamlik wie of wat sentraal staan in die uitgangspunte. Vir die Christelike partye staan Christus en sy Woord sentraal en by die meeste Groen partye staan die aarde en die omgewing sentraal. Dis waarskynlik hierin waar die oorsprong van die verskille tussen die verskillende denkrigtings die beste gevind en verstaan kan word.

Hoe dit ook al sy, die aktivisme van Groen partye in veral Europa, en die groot mate van sukses wat hulle behaal ten spyte van hulle beperkte getalle deur koalisievorming en doodgewone drukgroep-optrede oor sake wat vir hulle belangrik is, behoort vir Christene en die politieke organisasies waarby hulle betrokke is, 'n bron van inspirasie te wees.

# DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES (2)

Ds Pieter Boon

## LEER EN LEWE

**Hierdie is die tweede artikel waarin ons spesifiek aandag skenk aan die 'spreek in tale'. In die eerste artikel het dit duidelik geword dat hierdie Pinksterwonder volledig iets anders was as die hedendaagse 'tongetaal', ook wel genoem 'glossolie'. Ons het ook gesien dat die apostel Paulus self ook die taalwonder van Pinkster ontvang het, en dat hy in sy brief aan die Korinthiërs die gebruik hiervan aan bande lê. Hierdie wonder is in Korinthe misbruik. In hierdie tweede artikel vra ons die vraag: ontvang mense vandag nog steeds die gawe van God om skielik in 'n vreemde taal te kan praat? Sou dit nie 'n wonderlike gawe wees vir die sendingwerk nie, as 'n sendeling van die een dag op die ander skielik 'n inheemse taal kan praat?**

As ons na die geskiedenis van die kerk en ook van die sendingwerk deur die eeue kyk, is dit 'n feit dat ons nie 'n herhaling van hierdie wonder vind nie. Histories was hierdie gawe dus beperk tot die apostoliese tyd. Toe, aan die begin, het God dit belangrik geag dat die klein groepie wat in Jerusalem begin het, so vinnig as moontlik sou uitbrei. Nie net onder die Jode nie, maar ook onder die heidene. Daarom hierdie gawe, sodat die apostels vinnig na nuwe gebiede kon uitreik, om as **ooggetuies** die blye boodskap te kon deurgee.

Wil dit dan sê dat God daarna hierdie gawe van sy kerk weggeneem het? Calvin sê in hierdie verband: God gee nog steeds gawes vir sy kerk. Hierdie gawe van die spreek in tale kan ons vandag – sê Calvin – vergelyk met mense wat Hebreeus en Grieks – die grondtale van die Bybel – beheers. Dat mense daarna strewende om hierdie moeilike tale onder die knie te kry, juis om daarmee

die profesie, dit wil sê die prediking van die evangelie, te dien. Hoekom sê Calvin dit?

In die Reformasietyd was dit uitsonderlik vir iemand om Grieks of Hebreeus te kon lees. In die Middeleeue was dit volledig onbekende tale vir teoloë en priesters. Juis in die Reformasietyd is die belang daarvan vir die prediking weer ontdek. Dit is dan ook die rede hoekom vandag die teologiese studente, ook in die VGKSA – of hulle wit of swart of bruin is – Grieks en Hebreeus moet leer. Dit dien die profesie, om dit in Paulus se terme te stel. Ofte wel, dit dien die suiwer bediening van die Woord.

Die kerk bevind haar vandag in ander tye. Dit het geen sin om nostalgies te wees oor hierdie wondergawe nie, nog minder om dit te probeer naboots met sogenaamde tongetaal, wat tog heeltemal iets anders is. Mense wat hierna streef, kan vergelyk word met iemand wat 'n produk met 'n bekende kwaliteitsmerk by 'n smous langs die pad gekoop het. Maar toe hy by die huis kom, sien hy dat hy 'n uiters swak produk gekoop het, en dat die logo van die kwaliteitsmerk nagmaak is om hom om die bos te lei. Kortom: hy het 'n kat in die sak gekoop. So probeer tongetaal, ofte wel glossolie, die wonder wel na-aap, maar dit kan hoegenaamd nie met die egte wonder vergelyk word nie.

Die gawes en bevoegdhede wat die apostels in daardie eerste periode van hulle Heiland ontvang het, het hulle opvolgers nie gekry nie. Dit is nie 'n kwessie van meer geloof toe en minder geloof vandag nie. Petrus het die bevoegdheid ontvang om vir 'n verlamde te sê: in die Naam van Jesus Christus: Staan op. En dit het gebeur. Om dit 'n bietjie oneerbiedig te stel: Hy kon 'n wonder op bestelling verrig. Hierdie bevoegdheid het geen enkele persoon vandag meer nie. Paulus het geweet dat niemand sou verdrink toe hulle skipbreuk gely het nie (Hand. 27). Hy het geweet dat 'n giftige slangbyt nie die dood sou beteken nie (Hand. 28). Maar dit wil nie sê dat jy vandag nie 'n goeie Christen is as 'n slang jou byt en jy wel sterf nie. Hierdie gebeurtenisse is nie 'n bloudruk van hoe alle gelowiges deur die eeue moet wees nie. Die boeke Handeling en Korinthiërs is nie wetboeke nie, dit gee geskiedskrywing.

En soos Calvin gesê het: die kerk verkeer vandag in ander tye, dus die gawes wat God gee, is ook anders. Die kerkvader Augustinus het dit nog mooier gestel, spesifiek met betrekking tot die taalwonder. Hy het opgemerk: Die praat in vreemde tale van Pinkster het oorgegaan tot die WERKLIKHEID van die veelheid van tale in die eenheid van die kerk. Inderdaad, in Augustinus se tyd, 400 jaar na Christus, het hierdie wonder van praat in vreemde tale nie meer in die kerk voorgekom nie. Wel lees ons dat in sy tyd onder die sekte van die Montaniste tongetaal beoefen is. Maar weer eens, dit is iets totaal anders as die taalwonder van Pinkster.

Ook in die kerkverband van die VGKSA sien ons dit wat Augustinus gesê het: die WERKLIKHEID van die veelheid van tale in die eenheid van die kerk. Lidmate wat Afrikaans praat, Sotho, Tshwana, Zoeloe, Nederlands, Engels, en miskien nog ander, almal in dieselfde kerkverband. God gee nie meer die taalwonder nie, maar God het deur die geskiedenis manne gegee

wat die evangelie na die heidene gedra het. Sendelinge kon nie binne een dag 'n vreemde taal praat nie. Maar tog is dit so dat, as ons vandag terugkyk op die afgelope eeue van sendingwerk in Afrika, bykans alle tale in Afrika op skrif gestel is deur sendelinge. Is dit nie ook 'n wonder nie? 'n Gawe wat God gee in ons tyd?

As ons die boodskap van Paulus aan die Korinthiërs op ons situasie toepas, dan sien ons naas verskille ook ooreenkomste.

1. In die eerste plek dat die nadruk altyd moet val op die profesie, dit wil sê die prediking van die Woord van God, die toepas daarvan op die hede en die toekoms. Die bring van die Woord van God, en dit hande en voete gee in die lewe van die gemeente.
2. Tweedens sien ons die wonder dat dit God behaag om vir mense in hulle eie moedertaal die evangelie te bring. Ook hier in Afrika. Sodat dit tot in die hart kan binnedring, sodat dit lewens kan verander.
3. Derdens kan ons uit hierdie hoofstuk leer dat 'n taal slegs die instrument is. Die taal wat gepraat word, is sekondêr. Dit was 'n belangrike boodskap vir die kosmopolitiese Korinthe. In die gemeente van Korinthe was dit prakties net nie moontlik dat elkeen in sy eie moedertaal God kon prys in die erediens nie. Moontlik het die erediens in Grieks plaasgevind – die Engels van daardie tyd – terwyl baie mense Grieks slegs as tweede taal geken het. Paulus vermaan die lidmate wat regte opeis, wat net wil sing en bid in 'n taal wat vir die ander mense vreemd is.

Eintlik het ons vandag 'n baie soortgelyke situasie in die sending. In 'n stad soos Soshanguve vind die erediens meestal in Noord-Sotho plaas. Tog is daar baie mense wie se moedertaal nie Noord-Sotho is nie, maar byvoorbeeld Tswana of

Zoeloe. As nou byvoorbeeld die Zoeloe's op hulle regte sou staan en eis dat hulle net in Zoeloe wil sing of lees of bid, dan kry ons chaos in die erediens. Ter wille van die eenheid en orde verdra ons mekaar se tale. Wedywering om die regte vir jou eie taal op te eis bring verdeeldheid of chaos, soos in die geval van die gemeente in Korinthe. Dit het nie 'n werwende invloed nie, intendeel.

Nou lewe ons vandag in 'n tyd in Suid-Afrika waarin daar soms te min aandag vir minderheidsgroepe is. Afrikaanssprekendes ervaar hoe hulle eie taal stadig maar seker eenkant geskuif word. Dieselfde is die geval met van die swart tale. Gevolglik sien ons 'n sterk reaksie, sien ons hoe Afrikaanssprekendes opkom vir hulle taal. Dit is op sigself 'n goeie saak. Maar laat ons net oppas dat hierdie strewe nie 'n blokkade word om die eenheid in die geloof met anderstaliges te belewe nie. Want in die eerste plek is ons Christene. Ons vernaamste identiteit is dat ons Christene is, nie Afrikaanssprekendes nie. Taal en kultuur is sekondêr.

As Afrikaners na die buiteland verhuis en die taal van daardie land oorneem, is dit nie 'n sonde nie. As hulle egter hul Christengeloof vaarwel sê, dan is dit 'n doodsonde. Laat ons daarom in die eerste plek ook gerig wees op die inhoud, die boodskap van die evangelie. Dit is 'n ongekende rykdom dat ons in die kerkverband langs mekaar staan in dieselfde geloof, al het ons verskillende tale en kulture. Ons behoort nie aan 'n Afrikaanse kerkverband nie. Ons behoort aan 'n kerkverband waar Christus sentraal staan. Dit is dan ook die boodskap van die teks vir ons situasie. Laat die fokus op 'n taal, watter taal dit ook al is, nie oorheers sodat die inhoud van die evangelie op die agtergrond raak nie. Dra die evangelie uit, deel dit met ander mense, binne en buite die kerkverband. Moenie dat die taalgrens bepalend is vir met wie jy oor

die evangelie praat nie. Soek die geleenthede, bemoedig mekaar, beleef die eenheid, oor taalgrense heen.

'n Mens kan – in hierdie konteks – van 'n wonder praat dat daar binne die kerkverband die bereidheid is om mekaar te wil bereik. So sien ons byvoorbeeld op klassisvergaderings en op sinodes dat daar Engels gepraat word. Alle afgevaardigdes sukkel maar 'n bietjie, omdat Engels vir niemand die moedertaal is nie, nie vir die Afrikaners nie, ook nie vir die Sotho's nie. Tog doen hulle dit, want hulle wil mekaar bereik, hulle wil die eenheid beleef. As die Sotho's op hulle regte sou staan, of die Zoeloe's, of die Afrikaners – ons wil net in ons eie moedertaal praat – waar sou die eenheid dan wees? Dan sou daar 'n Babelse spraakverwarring wees; geen geloofseenheid nie, maar verdeeldheid en onbegrip.

Ek hoop dat u in hierdie opsig die verskil agterkom, vergeleke by die tendens in Suid-Afrika. Want van tyd tot tyd hoor ons dat die regering van die land stilletjies besig is om Afrikaans weg te dring. Soos ek onlangs 'n berig gehoor het: in die Noord-Kaap moet openbare vergaderings voortaan in Engels gehou word, terwyl waarskynlik 90% van die provinsie Afrikaans praat. Dit is ronduit sinneloos en ideologies gedrewe. Maar ek noem dit, sodat ons net die verskil kan raaksien. Die feit dat daar Engels gepraat word op die klassis en op die sinode kom nie voort uit hierdie selfde ideologie wat ons regering dryf nie. Toevallig is dit Engels, wat in die kerkverband nou maar eenmaal die grootste gemene deler is. Maar as almal in die kerke beter Frans of Chinees kon praat, of watter taal ook al, dan sou dit Frans of Chinees op klassis en op sinode gewees het. Begryp u, wat ons dryf is die begeerte om die eenheid – die gemeenskap van die heiliges – daadwerklik te beleef. Dit is primêr. En die taal is sekondêr, dit is maar net die voertuig.

Natuurlik sal ons in hierdie bedeling nooit die optimale situasie bereik nie. Al is Engels die grootste gemene deler, tog is daar nog steeds 'n aantal mense wat baie met die Engels sukkel. Vir hulle moet daar aandag en begrip wees, ekstra tyd om te vertaal, geleentheid om hulle uit te druk in hulle eie taal. Maar terselfdertyd het hulle nie die reg om die praat in 'n ander taal te blokkeer nie. Die motivering daaragter is naamlik op Skrif en belydenis gegrond, op die boodskap wat uit

Handelinge en Korinthiërs na ons toe kom. Dit is gegrond op die begeerte om saam God te dien, saam te stry vir die waarheid, in die land waar Hy ons geplaas het. Hierdie is 'n gesindheid om dankbaar voor te wees, en om te koester in die kerkverband. Dit was die gesindheid wat afwesig was in die gemeente van Korinthe. Die gesindheid om mekaar te wil bereik, om die evangelie met mekaar te deel, en verder te dra. Selfs al hou dit in dat ons daarom 'n bietjie meer

van 'n ander taal leer, 'n kursus in bv. Sotho, Engels of Afrikaans. Om mekaar te dien, gewortel in die liefde van God. Soos Paulus in die vorige hoofstuk geskryf het: al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword. En aan die begin van 1 Korintiërs 14: Jaag die liefde na, beywer julle met die oog op die geestelike gawes, veral om te profeteer.

---

## VOLHOUBARE TRANSAKSIES MET CHINA?

Dr Martin de Wit

### ONTWIKKELINGE IN WÊRELDPOLITIEK

Dit is geen geheim nie dat Afrika se natuurlike rykdom en hulpbronne die aandag van 'n hulpbron-honger China getrek het. Dit wek kommer oor die volhoubaarheid van die ontginning van die hulpbronne, beide in terme van die ontginning van die hulpbron self en die invloed wat dit op die omgewing rondom dit het. Ten spyte van hierdie kommer is dit onlogies om hierdie argumente te gebruik vir egoïstiese selfbeskerming of nog erger "Sinofobia". Hierdie artikel vestig die aandag op die rigting van verandering in China en dit benadruk die behoefte van Afrika om 'n pro-aktiewe rol te speel in die daarstel van reëls van verbinding op die kontinent en om vir verdere diversifikasie van Sino-Afrika-verhoudings te argumenteer.

China se leierskap word gedryf deur die begeerte om sy posisie as die wêreld se grootste ekonomie te herower. Afrika word gesien as die voorkeur-verskaffer van grondstowwe, hoofsaaklik olie, asook katoen, diamante, hout en ander

basis-metale. Verder bestaan daar dikwels 'n persepsie dat China 'n baie groot steenkoolreserwe het, maar China is alreeds 'n netto-invoerder met 'n verwagte tekort van 250 miljoen ton teen 2010 en 810 miljoen ton teen 2020. Sino-Afrika-handel het in 2006 \$55 biljoen beloop en daar word verwag dat dit sal verdubbel na \$100 biljoen teen 2010. China se hulpbrontransaksies in Afrika gaan gereeld gepaard met sagte lenings, beleggings in infrastruktuur en hulppakette wat duidelik die goedgesindheid en breër verbintenis met die kontinent weerspieël, maar sonder twyfel die doel het om 'n beter verbruikersprys vir grondstowwe by die bron te verkry.

Daar is dus 'n geldige besorgheid oor die volhoubaarheid van natuurlike ontginning van grondstowwe en die gevolglike invloed op die omgewing in Afrika. Die "draak" word sekerlik nie as groen gesien nie. Gedurende 2006 het die Chinese staat 'n amptelike

beraming van omgewingsverliese van \$84 biljoen gepubliseer. Dit is 3% van die Chinese BBP (Bruto Binne-landse Produk) vir 2003. Ander beramings bereken die koste so hoog as tussen 8–13% van die BBP. Dit wis effektief alle winste van ekonomiese groei uit.

Aan die ander kant het Afrikalande kapitale invloed dikwels as negatief ervaar. Dit het min bygedra om armoede te verlig en het dikwels selfs diversifikasie van die ekonomie vertraag.

Afrika se geskiedenis van natuurlike hulpbron-uitbuiting en die



gebrek aan omgewingsbeheer in China self kan maklik lei tot die gedagte dat die “draak” se toegang tot Afrika beperk moet word. Feitlik het sulke sentimente, alhoewel nie in verhouding tot omgewingsbeheer nie, begin sigbaar word met ‘n vergelyking van China se belangstelling in Afrika met kolonialisme en ook die opposisie-politiek in Zambië.

Ten minste twee aspekte benodig verdere aandag: Die rigting van verandering in China en die noodsaak van duidelike reëls vir verbintenis met Afrika. Sedert 1978 het China al hoe meer pragmaties geword met ‘n uitgaande beleid wat op die sluit van ekonomiese transaksies fokus. Daarby het die elfde vyfjaar-plan gefokus op die herbalansering van groei, hoofsaaklik in antwoord op die sosiale onstabielheid van die platteland en groeiende omgewingsbesoedeling. Met die komende Olimpiese Spele en die altyd belangrike Chinese sosiale norm om nie gesig te verloor nie, het die kwaliteit van groei ‘n belangrike brandpunt geword. ‘n Skoon en gesonde omgewing word nou gesien as een van die boublokke om by die verlangde harmonieuse gemeenskap uit te kom. Dit blyk dat Chinese leiers hul “Confusianeuse” wortels herontdek. Dit word duidelik gemaak deur die verskriklike effek van ‘n ongebalanseerde materialisme. Hierdie gewaarwording mag ook versprei na China se buitelandse verbintenisse, soos in die geval waar Sino-Afrikaanse omgewingsamewerking ‘n nuwe veld geword het vir die Forum van China-Afrika Samewerking (FOCAS).

Afrika moet voordeel trek uit China se ekonomiese belangstelling in die vasteland en moet versigtig optimisties wees oor die “draak” se groener en meer gebalanseerde uitkyk op die omgewing. Dit is die leiers uit Afrika wat self voordeel moet trek

uit hierdie ontwikkelings deur Afrika se eie reëls t.o.v. hulpbrongtginning en omgewingsvolhoubaarheid daar te stel. As meer natuurlik hulpbronne ontgin word, moet van die opbrengste herbelê word in die diversifikasie van Afrika se ekonomieë. Gebiede wat waardevolle ekosisteme-goedere en -dienste produseer, soos vleilande, wateropvangareas en bewaringsareas, moet genoegsaam beskerm word. Sommige van hierdie gebiede sal nie vervang kan word nie (soos bv. ekologies sensitiewe gebiede). Ander gebiede kan vervang word, solank as wat die opbrengste hiervan weer tot voordeel van die huidige en toekomstige inwoners van Afrika aangewend word. Die belangrike aspek is dat Afrika hierdie reëls moet bepaal en op ‘n positiewe manier met die Chinese leiers skakel oor beleggers wat nie alleen transaksies wil doen nie, maar ook blywende transaksies.

Die leiers van Afrika sal hul onderhandelingsbeleid met mekaar moet koördineer en self meer positief daarvoor moet wees om China deel te maak van Afrika se ontwikkelingspad. Daar is sekere industrieë in China wat tot Afrika se voordeel mag strek - meer as die ontginning van hulpbronne en die invoer van tekstiel en elektriese toebehore. Een voorbeeld is akwakultuur. Wêreldwyd het die akwakultuur-sektor gegroei met ‘n gemiddelde koers van 8.9% sedert 1970. Dit is vergelykbaar met 1.2% vir visserie en 2.8% vir landelike vleisproduksie. Die wêreldgemiddelde voorsiening van akwakultuur-produkte per persoon het toegeneem van 0.7kg in 1970 tot 6.4kg per persoon per jaar in 2002. Dit is vergelykbaar met ‘n syfer van 27.7kg per persoon per jaar vir China. In Afrika neem die aanvraag na vis ook toe, alhoewel van ‘n baie lae vlak af. Ontwikkelings in Afrika in die verlede het gefaal om ‘n volhoubare toename in akwa-produksie te behaal. Hierdie sektor benodig ‘n

inspuiting van tegnologiese ontwikkeling en oordrag. Die kombinasie van die behoefte in Afrika en die Chinese kennis van akwakultuur is dalk die moeite werd om verder ondersoek te word as ‘n voedselveiligheidsnetwerk en/of ‘n proteïen-diversifikasie-strategie vir die vasteland.

China het byna geen ander keuse as om transaksies met Afrika te onderneem nie, sodat hulle 1.3 biljoen mense deur die sosio-ekonomiese revolusie kan neem. Uiteindelik sal dit Afrikaleiers wees wat die verantwoordelikheid het om seker te maak dat hierdie transaksies ‘n blywende en positiewe invloed op die omgewing en die inwoners van Afrika wat daarvan afhanklik is, sal hê.

*Hierdie artikel is gepubliseer in die April-uitgawe van The China Monitor en is met toestemming vertaal.*

*Naskrif: Daar is tans sowat 16-35 miljoen Christene in China. Kerke en kerkdienste word openlik getoleer, veral in die groter kusstede. Ten spyte daarvan dat miljoene Chinese hulle openlik tot die Christendom gewend het, word dit nog altyd beskou as ‘n beweging wat van “buite af” gekom het. Dit bly egter die uitgangspunt van die Chinese staat dat hulle die grootste mag is. ‘n Geloof wat ‘n enigste God bely waaraan selfs die staat verantwoordig moet doen, kan dus eenvoudig nie geduld word nie. Enige spirituele beweging - wat nie noodwendig alleen Christelik in karakter hoef te wees nie - wat as ‘n bedreiging vir die Chinese staat gesien word, word nog steeds met mening vervolgd en onderdruk. Die Chinese regering is egter ook ‘n werktuig in God se hande en ons mag sy werke nie onderskat nie.*

**Eienaar en uitgewer:****Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. 012 332 0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

**Drukker:**

Printburo

Tel. 012 335 9134

**Redaksie:**

Greet de Vries

Hans Moes

Petro Hofsink

Juil Douma

Riaan van Alten

Herman van der Linden

**Redaksieadres:**

e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel 021 919 5176

**Administrasie:**

Mev. L Ros

Posbus 23931

Gezina, 0031

Tel. 012 332 0127

**Nederland:**

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

**Vermeld asb u naam****en lidnommer****Intekengelde (per jaar):**

E-pos RSA R40

Buiteland €10

RSA per hand R90

per pos R100

Buiteland:

Seepos €30

Lugpos €40

**KOMPAS** is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande plaaslike predikante of sendelinge in verbinding te tree:

<b>Ds C Kleijn</b>	Shammah 26, Theunisstraat, Weltevredenpark 1709 --- Tel 011 679 1646
<b>Rev T Mogale</b>	Mamelodi --- Tel 012 801-7937
<b>Rev MP Magagula</b>	Soshanguve-Noord --- Tel 012 798-1553
<b>Ds P Nel</b>	Du Plooystraat 80, Bethal 2310 --- Tel 017 647-6693
<b>Ds E Viljoen</b>	Mauritiussingel 3, Stellenberg 7550 --- Tel 021 919-9149
<b>Ds HH van Alten</b>	Walterlaan 1295, Waverley 0186 --- Tel 012 332-3256

Sendelinge in diens van die kerke is:

<b>Dr JA Breytenbach</b>	Blackwoodstraat 12, Bellair, Bellville 7530 --- Tel 021 919-4215
<b>Ds CF Nicholson</b>	Patoustr 33, Amanda Glen 7530 --- Tel 021 975-9994
<b>Ds PG Boon</b>	Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186 --- Tel 012 332-1028
<b>Rev J Mhlanga</b>	Soshanguve-Suid --- Tel 012 791-0983

**“U laat hom heers. Tot aan die verste strande  
Gebied hy oor die werke van u hande.  
U het, o Heer, dit onder hom gestel,  
Dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.”**

*Ps 8:5 berymd*